

DIREKTORAAT VAN VEILIGHEIDSWETGEWING  
DIRECTORATE OF SECURITY LEGISLATION

LÉER NR. 214213  
FILE NO. 214213

LÉER NR. 214213  
FILE NO. 214213

HOOFTREK  
MAIN SERIES REFERENCE AND AID

ONDERWERP  
SUBJECT

LÉER  
FILE

LÉER GEOPEN OP  
FILE OPENED ON 21.4.67

LÉER GESLUIT OP  
FILE CLOSED ON 6.9.67

BESKIKKINGSVOORSKRIFTE  
DISPOSAL DIRECTIONS

SUBLÉER OF GEVAL  
SUBFILE OR CASE

LÉER NR. 214213  
FILE NO. 214213

DEEL  
PART B



2/12/13  
deur J

RIK

Nr. 250/67(P)

DEPARTEMENT VAN INLIGTING  
 PRETORIA  
 ONTYAAGREKIEVED  
 25 8 1967  
 DEPARTEMENT OF JUSTICE  
 PRETORIA

VERKLARING DEUR SY EBELE DIE MINISTER  
 VAN JUSTISIE : MNR. P.C. PELSER.  
 (Vir onmiddellike vrystelling)

95-4-67 JP  
 DEPARTMENT OF JUSTICE

Police and Aid Fund is op 18 Maart 1966 by Proklamasie No. R.77 van 1966 tot n onwettige organisasie verklaar. n Beampste is as beredderaar van die organisasie se bates aangewys. Hy het al die Fund se bates te gelde gemaak en sy geldelike verpligtinge vereffen. Daarna het daar n oorskot van R4355.59 gebly.

Kragtens artikel 4(3) van die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, 1950 (Wet No. 44 van 1950), het ek die Vereniging van Wetsgenootskappe van die Republiek van Suid-Afrika aangewys as die organisasie waaraan hierdie oorskot oorbetaal moet word. Die Vereniging het onderneem om die geld by n regshulpfonds wat hy beoog om mettertyd te stig in te betaal. Sodoende sal die geld aangewend word vir die doel waarvoor die oorspronklike bydraers dit beoog het, naamlik die verlening van regshulp aan behoeftige persone.

UITGEREIK DEUR:

Departement van Inligting,  
 P R E T O R I A.

23 Augustus 1967

⊗ Moet wees: R4355.59

Die Vereniging van Wetgenootskappe  
van die Republiek van Suid-Afrika

Sekretaris Generaal  
Eben Dour

DEPARTEMENT VAN  
ONTVANGINGS  
PRETORIA  
8 -9-1967  
DEURGESTUUR OPRENT THROUGH  
CK  
Verw. No. 49  
Sekretaris van Justisie  
Privaatsak 01,  
PRETORIA.

Centenarygebou,  
Burgelman,  
Pretoria

A N D D R C  
8 -9-1967  
MAGISTRATE

Tel. & Kabeladres:  
„Unionlaw“  
Foon 3-7957

5 September 1967.

Waarde heer,

BATES VAN DIE DEFENCE AND AID FUND.

Baie dankie vir u brief No. 2/2/13 van 1 September 1967 tesame met skatkisorder ten bedrae van R4355-59. Die Vereniging se kwitansie No. 379 word hierby aangeheg.

Die uwe,

*G.M. Beattie*

ASSISTENT ASKRETAESSE.

The Association of Law Societies of S.A.  
Die Vereniging van Wetsgenootskappe van S.A.

No 379

P.O. Box 1493  
Postbus

PRETORIA

5 September 1967

RECEIVED from

Landdros

SA M. S. D. R. C. S.  
L.A.N. S. D. R. C. S.  
MAGISTRATE

the sum of Vier-duisend drie-honderd 5-1967  
neg-en-tyftig Rand en  
Bate van die Defensie- en Oorlogskostes  
Aid Fund

R 4,355-59



C. M. Venters

U.D.R.A. 7/61/2020A

DIE "DEFENCE AND AID FUND".

INHOUDSOPGAWE.

	<u>Bladsy Nommers.</u>
1. Owerheidsopptrede. ....	1 - 10
2. Die Ontstaan van "Defence and Aid Fund"	12 - 15
3. Die Konstitusie(s) .....	16 - 25
4. Beleidsveranderinge.....	26 - 46
5. Gebruik van Fondse en Vorderingsmetodes	47 - 53
6. Boekhouding .....	54 - 61
7. Skeiding van "Defence" and "Aid", Naamsverandering en Verskuiwing van Hoofkantoor .....	62 - 65
8. Verwante Organisasies in Suid-Afrika ...	66 - 88
9. Buitelandse Organisasies .....	89 - 98
10. Borgstellings .....	99
11. Appèlsake .....	100
12. Rivonia Verhoor .....	101
13. A. Fischer verhoor .....	102 - 103
14. Uitstaande Persoonlikhede .....	104 - 111
15. Algemeen .....	112 - 113

2/2/13.

DEFENCE AND AID FUND.

1. Owerheidsoptrede.

Ingevolge subartikel (2) van artikel twee van die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, 1950 (Wet No. 44 van 1950), is die organisasie bekend as "The Defence and Aid Fund" per Proklamasie No. R.77 van 1966, op 18 Maart 1966 tot 'n onwettige organisasie verklaar.

Ingevolge paragraaf (b) van subartikel (1) van artikel drie van die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, 1950 (Wet No. 44 van 1950), is ek aangewys as beredderaar van die bates van "The Defence and Aid Fund" soos per Goewermentskennisgewing No. 485 van 25 Maart 1966. Hierna word na "The Defence and Aid Fund" verwys as die "Fund".

Ingevolge genoemde paragraaf (b) van die Wet het al die eiendom (met inbegrip van alle regte en dokumente) wat die "Fund" besit, of wat op die naam van enige persoon ten voordele van die Fund gehou word, met ingang van 18 Maart 1966 op die beredderaar oorgegaan. Op genoemde datum is daar beslag gelê op duisende dokumente en fondse wat oor die land gehou was in die verskeie kantore van die "Fund". Hierdie dokumente was almal aan my oorhandig binne bestek van enkele dae na beslaglegging.

Enige persoon wat 'n eis teen die "Fund" gehad het moes dit so gou doenlik by die Beredderaar indien.

As gevolg van die feit dat verskeie advokate en prokureurs dwarsoor die land opgetree het in verhore wat deur die "Fund" finansieer was en nog nie finaliseer was op 18 Maart 1966 nie, het Sy Edele die Minister van Justisie in oorleg met die Beredderaar 'n persverklaring

/2...

uitgereik ten effekte dat verhore wat alreeds begin was voor 18 Maart 1966 voltooi kon word en dat die Beredderaar aanspreeklikheid sou aanvaar vir die koste aangegaan, mits die koste redelik is en fondse beskikbaar is.

Verskeie prokureurs en ander instansies het eise ingestel.

Die bepaling van subartikel (2) van artikel vier van Wet No. 44 van 1950, lui dat na verloop van 'n tydperk van minstens ses maande vanaf die datum waarop 'n organisasie 'n onwettige organisasie geword het, sal die beredderaar alle maatreëls tref wat nodig is om die bates te gelde te maak en indien die bates voldoende is om die skuld te vereffen, sal die beredderaar die skulde vereffen wat na sy oordeel bewys is.

As gevolg van bogenoemde bepaling is Goewermentskennisgewing No. 1589 op 14 Oktober 1966 publiseer ten effekte dat geen eise teen die "Fund" oorweeg sou word na verloop van een-en-twintig dae na 14 Oktober 1966 nie.

Die bereddering van die "Fund" se bates en laste was baie verregaar omdat "The South African Defence and Aid Fund" as eerste applikant en Raymond Hoffenberg as tweede applikant met die Minister van Justisie as Respondent op 29 Maart 1966 by Kennisgewing van Mosie asook deur 'n dagvaarding aksie in die Hooggeregshof van Suid-Afrika, Kaap die Goeie Hoop Provinsiale Afdeling, die regsgeldigheid van Proklamasie No. R.77 van 18 Maart 1966 betwis het.

Op 16 Mei 1966 is uitspraak gegee in die Mosie-aansoek en was die aansoek om Proklamasie R.77 van 18 Maart 1966 ongeldig te verklaar, van die hand gewys met koste.

Op 18 Mei 1966 is appèl na die Appèlafdeling aangeteken teen hierdie uitspraak van die Mosie-aansoek en op 10 November 1966 is uitspraak gegee in die Appèlhof met 'n meerderheidsbeslissing teen die ongeldig verklaring van Proklamasie No. R.77 van 18 Maart 1966.

Met hierdie beslissing was aplikante nog nie tevrede nie en het hulle die dagvaardingaksie in die Kaapse Hooggeregshof voortgesit. Teen die dagvaarding was 'n eksepsie opgewerp wat later van die hand gewys was. Nadat die pleitstukke afgesluit was, was daar gewag op die ter rolle plasing vir verhoor. Daar was egter 'n aansoek om blootlegging en dit was 'n taak van geen geringe aard nie. Daar is etlike duisende dokumente (+ 20,000) wat op beslag gelê was en hierdie dokumente moes sistematies gerangskik word ten einde blootlegging te vergemaklik. Hierdie taak was in veertien dae afgehandel en lyste van die dokumente was opgestel en aan aplikante voorgelê. Hiermee was aplikante ook nie tevrede nie. Hulle wou die dokumente bekom waarop die Minister ageer het toe die "Fund" onwettig verklaar was. Hierdie dokumente was egter privili-geerd en was nie blootgelê nie. Die saak was toe nog nie ter rolle geplaas nie.

In subartikel (2) van Artikel drie van Wet No. 44 van 1950 word bepaal: "Na verloop van 'n tydperk van 14 dae vanaf die datum van 'n proklamasie kragtens subartikel (2) van artikel twee word geen geding vir die ongeldigverklaring van daardie proklamasie by enige hof ingestel nie, en na verloop van 'n tydperk van twaalf maande vanaf die datum van so 'n proklamasie, het geen hof regsbevoegdheid om oor die regsgeldigheid daarvan uitspraak te doen nie.

Op 13 Desember 1966 skryf ,rokureurs Frank, Bernadt en Joffe van Kaapstad aan Hayman & Aronsohn,

/4...



prokureurs van Johannesburg, inter alia:

"... The trial action has to be completed before the 18th March, next or otherwise it falls away in terms of Section 3(2) of the Suppression of Communism Act. The present position is that we have applied for discovery and as soon as the Schedule of Documents used is produced, we will be able to consider the matter further.

To all intents and purposes, as far as the defendant is aware, we are proceeding to the final end and determination of this action. ...".

Na 18 Maart 1967 was daar geen optrede van die kant van applikante nie en was die Beredderaar genoodsaak om aandag te laat vestig op die bepalinge van bo-kwoteerde artikel. Eers teen die middel van Mei 1967 het applikante laat weet dat die saak nie mee voortgegaan word nie.

Op 21 November 1966 het die applikante deur hul prokureurs die beredderaar in kennis gestel dat die beredderaar aanspreeklik gehou word vir alle koste deur applikante aangegaan in verband met die betwisting om die regsgeldigheid van Proklamasie No. R.77 van 18 Maart 1966.

Op 28 November 1966 het die Beredderaar die betrokke prokureurs in kennis gestel dat hy geen aanspreeklikheid aanvaar vir enige koste in hierdie verband nie. Dit ten spyte is kosterekenings opgestel en aan die Beredderaar voorgelê vir vereffening. Steeds het die beredderaar geweier.

Op 19 Junie 1967 is deur bemiddeling van die Staatsprokureur verneem van die betrokke prokureurs dat applikante nie met die eis vir koste voortgaan nie, en dat dit laat vaar is.

Uit die voorgaande is dit duidelik dat 'n ver-  
tragingsbeleid gevolg is sodat die "Fund" tesame met die betrokke prokureurs met eer uit die stryd kon tree en die mislukking van die saak gewyt kan word aan die feit dat na twaalf maande geen hof regsbevoegdheid het om oor die regs-geldigheid van so 'n proklamasie uitspraak te doen nie.

Opmerklik is dit dat een van die prokureurs wat 'n eis ingestel het uit wanhoop later aan die berederaar gevra het of die betrokke prokureurs nie net besig is om tyd te mors nie.

Die gelde wat beslag op gelê en bates wat te gelde gemaak was is die volgende:

1.	7.4.66	Durban Tak Defence & Aid Fund	4.08
2.	7.4.66	Standard Bank, Kaapstad	996.51
3.	7.4.66	Veiligheidstak, Kaapstad	4.94
4.	13.4.66	Eastern Province Bougenootskap, Port Elizabeth	74.88
5.	18.4.66	Veiligheidstak, Port Elizabeth	106.40
6.	21.4.66	Allan Solomon, Arderne & Flynn, Port Elizabeth	48.76
7.	21.4.66	Allan Solomon, Arderne & Flynn, Port Elizabeth	436.11
8.	4.5.66	Barclays Bank, Pretoria	6928.13
9.	23.5.66	Reitz, Jacobson & Effune, Johannesburg	1474.55
10.	25.5.66	Hayman & Aronsohn, Johannesburg	2780.14
11.	9.6.66	Borgkwitansie No. 107467	20.00

12.	14.7.66	Standard Bank, Kaapstad	19.77
13.	22.8.66	Miller Weedon Travel	86.20
14.	22.8.66	Borgkwitansie	250.00
15.	22.8.66	Telefoon Terugbetaling R. Hodgson	11.43
16.	29.9.66	Posseëls Verkoop	.40
17.	29.9.66	Posseëls Verkoop	2.06
18.	24.10.66	Borgkwitansie E. Loza	100.00
19.	14.11.66	Staatsprokureur, Kaapstad	769.62
20.	26.4.67	Geregsbode, Johannesburg	40.00
21.	28.4.67	Geregsbode, Kaapstad	97.65
22.	8.5.67	Geregsbode, Port Elizabeth	34.25
23.	8.5.67	Posseëls Verkoop	1.05
24.	1.6.67	Kerbel & Borman, Fort Elizabeth	289.04

---

R14575.97

---

Item (1) is 'n bedrag geld wat deur die Sekretaris van die Durban tak van die Fund direk aan die beredderaar gestuur was. Items (2), (4), (8) en (12) is bedrae geld wat deur die betrokkenes in deposito gehou was en aan die beredderaar oorbetaal is.

Items (3) en (5) is bedrae geld beslag op gelê in die kantore van die "Fund" te Kaapstad en Port Elizabeth respektiewelik en aan die beredderaar oorbetaal is. Items (6), (7), (9) (10) en (24) is bedrae geld wat by betrokkenes in trust gehou was vir die "Fund" en aan die beredderaar oorbetaal is.

Items (11), (14) en (18) is gelde wat deur die "Fund" gestort was as borggelde. Met die beslaglegging van die dokumente is op hierdie borgkwitansies ook beslag gelê en te gelde gemaak. Die bedrag van R100 namens E. Loza betaal, moes van die Kommissaris van Binnelandse Sake teruggevorder word.

/7...

Item (13) is die bedrag geld wat teruggevorder is op twee ongebruikte lugkaartjies. Die kaartjies is beslag op gelê in die Port Elizabeth kantoor van die "Fund".

Item (15) is 'n bedrag teruggevorder van die Poswese Departement waar dit tot die krediet van die "Fund" gestaan het.

Items (16), (17) en (23) is posseëls waarop beslag gelê was in die kantore van die "Fund" en verkoop is.

Item (19). In dië twee siviele eise ingestel deur Stephanie Kemp en Allan Brooks teen die Minister van Justisie het die "Fund" 'n bedrag van R3000 aan die prokureurs Frank, Bernadt & Joffe, Kaapstad betaal. Die prokureurs het op versoek van die beredderaar geweier om die gelde oor te betaal. Die aangeleentheid was na die Staatsprokureur verwys en uiteindelik is die bedrag van R769.62 van die prokureurs ontvang.

Items (20), (21) en (22) is gelde ontvang vir die verkoop van meubels waarop beslag gelê was.

Die eise wat teen die Fund ingestel was en deur die beredderaar as bewese aanvaar was, is:-

1. Christine Gibbs - Salaris - Maart 1966	60.00
2. Napiers - Port Elizabeth - Skryfbehoeftes	1.65
3. Telefoon Rekening, Kaapstad	.75
4. Royal Dairy, Kaapstad	1.56
5. Stephanie Urdang - Salaris - Maart 1966	115.00
6. Vervoer - Geregsbode - Kaapstad	13.00
7. Sonnenberg, Hoffman & Galombik - Huur	17.97
8. Abe Swersky & Associates, Kaapstad - Prokureursfooie	1500.00
9. Frank, Bernadt & Joffe, Kaapstad - Prokureursfooie	221.30
10. Segal & Seymore, Pretoria - Prokureursfooie	237.26

11.	Allan Solomon, Arderne & Flynn, Port Elizabeth - Prokureursfooie	800.33
12.	Kerbel & Borman, Port Elizabeth, Prokureursfooie	1465.71
13.	H.L. Schachat & Co., Kaapstad - Prokureursfooie	518.25
14.	M.S. Frank & Frank, Kaapstad Prokureursfooie	618.34
15.	R. Bugwandeem, Durban, Prokureurs- fooie	582.00
16.	Findlay & Tait, Kaapstad, Prokureurs- fooie	280.19
17.	Hayman & Aronsohn, Johannesburg Prokureursfooie	4043.27
18.	Lubbe Recordings, Pretoria	125.80
19.	Crafford, du Toit & Vennote, Pretoria - fooie	300.00

---

---

R10,902.38

---

---

Items (1) en (5) is salarisse geëis deur sekretaresse van die "Fund" te Port Elizabeth en Kaapstad onderskeidelik.

Item (2) is skryfbehoeftes verskaf aan die "Fund" se tak te Port Elizabeth.

Item (3) is onbetaalde telefoonrekening te Kaapstad.

Item (4) is vir melk verskaf aan die kantoor van die "Fund" te Kaapstad.

Item (6) is vervoerkoste wat die Geregsbode, Kaapstad aangegaan het om die meubels van die kantoor van die "Fund" te Kaapstad te vervoer na die bergplek.

Item (7) is die huurgeld verskuldig vir die maand April 1966.

Item (8) is die fooie waarop die Beredderaar besluit het die firma van prokureurs geregtig was. Aanvanklik het die prokureursfirma 'n getakseerde rekening van R6229.68 voorgelê. Uit dokumente waarop beslag gelê was is egter vasgestel dat die "Fund" 'n maksimum bedrag van R2500

gewaarborg het in 'n skrywe van 17 Maart 1966, met die voorbehoud dat indien die prokureursfooie die bedrag van R2500 oorskry die Uitvoerende Komitee van die "Fund" die saak verder sal oorweeg. Met hierdie voorwaardes het die prokureursfirma ingestem en met die saak voortgegaan. Die verhoor van die saak (Fred Carneson) het eers 'n aanvang geneem na 18 Maart 1966, die datum waarop die "Fund" tot 'n onwettige organisasie verklaar was. Ten spyte van die onwettig verklaring van die "Fund" en die wete dat geen Uitvoerende Komitee van die "Fund" verdere fooie kon oorweeg nie is die saak deurgevoer en die totale koste van die "Fund" geëis.

Voor 18 Maart 1966 het die Fund aan Abe Swersky & Associates 'n bedrag van R1000 betaal as 'n voorskot op die uiteindelijke eis. Op 9 Maart 1966 het die prokureursfirma die ontvangs erken en 'n kwitansie uitgereik. Die Beredderaar het die prokureursfirma versoek na 18 Maart 1966 om die bedrag oor te betaal dog hy het geweier. Na 'n verdere skrywe is die beredderaar meegedeel dat die R1000 alreeds uitbetaal is vir voorlopige kostes aangegaan.

Die beredderaar het die firma van prokureurs toe meegedeel dat die eis tot 'n maksimum van R2500 oorweeg sal word en dat R1000 van die R2500 alreeds deur hom ontvang is. Die eis sal dan alleenlik oorweeg word vir 'n bedrag van R1500. Uiteindelik is die beredderaar meegedeel dat die bedrag van R1500 aanvaar sal word in volle en finale vereffening van die eis.

Items (9) tot (17) is getakseerde rekenings wat as bewese en redelik aanvaar is.

Item (18) is die bedrag verskuldig aan Lubbe Recordings, Pretoria vir die verskaf van die oorkonde van 'n saak waarin appèl aangeteken was voor 18 Maart 1966. Lubbe

Recordings het vriendelik onderneem om die getikte rekord te verskaf en later deur die beredderaar betaal te word.

Item (19) is die fooie verskuldig aan die geëksponeerde rekenmeesters wat 'n verslag verstrek het in verband met die boekhouding van die "Fund".

'n Staat van bates en laste van die "Fund" vir finale bereddering is aan Sy Edele die Minister van Justisie per memo voorgelê op 3 Julie 1967. In die memo was ook voorgestel dat die batige saldo van die "Fund" aan die Vereniging van Wetsgenootskappe van die Republiek van Suid-Afrika oorbetaal word. Hiertoë het Sy Edele die Minister sy toestemming verleen.

Omdat dit vir die beredderaar moeilik was om vas te stel of prokureurseeise redelik en korrek was, was al die prokureurs wat eise ingestel het versoek om hulle eise voor te lê aan hulle onderskeie griffiers van die Hooggeregshof. Die griffiers het al die eise nagegaan en getakseer. In hierdie vorm was die eise aan die beredderaar voorgelê.

Op 11 Augustus 1967 is van die Vereniging van Wetsgenootskappe verneem dat die oorskot fondse deur hulle aanvaar word en gebruik sal word vir regshulpfondse.

Op 28 Julie 1967 het die firma R. Bugwandeen van Durban die beredderaar as volg meegedeel:

"... I wish to inform you that my fees in the above matter have been paid in full and that I do not require any payment from you".

Hierdie mededeling het gevolg op 'n navraag van die beredderaar of hy enige betaling ter vereffening van sy eis ontvang het. Uit 'n delikate bron was verneem dat hy ten volle betaal was. (Sien ook opmerking op bladsy 102 waar metode van huidige versending van geld vanaf die

buiteland ter sprake is).

Op 24 Augustus 1967 skryf prokureurs Arderne & Flynn, van Port Elizabeth onder andere:

"We have to advise that in making payment of Counsel's fees in the matter of State vs. Mountain Mgalonkulu counsel has informed us that he has already received payment of such fees from the firm of Hayman & Aronsohn. For your records we enclose a photostat copy of counsel Adv. P. Hare's letter to that effect".

The said letter reads as follows:-

"According to my fee book, I appeared in the above matter in the Supreme Court of South Africa, Eastern Cape Division on 3rd of March, 1966, and I subsequently received payment thereof from Mrs. Ruth Hayman. In the circumstances as I have already received payment in the above matter I return your cheque". (R100.00).

Die finale bedrag wat derhalwe oorbetaal word aan die Vereniging van Wetsgenootskappe beloop R4355.59.

/12...



## 2. Die Ontstaan van Defence and Aid Fund.

Ten einde die Defence and Aid Fund (hierna die "Fund" genoem) in sy regte perspektief te sien moet teruggegaan word na die gebeure wat die totstandkoming van die Fund vooraf gegaan het.

Die "Defence and Aid Fund" is in 1956 in Brittanje gestig deur "Christian Action" 'n liggaam wat ten nouste saamwerk met die "Movement for Colonial Freedom", die "Africa Bureau" en die "Anti-Apartheid Movement". Oor die jare is die saamgenoerde bedrywighede van al hierdie liggame gekenmerk deur geswore en heftige vyandigheid teenoor Suid-Afrika.

Met die begin van die hoogverraad-saak in Suid-Afrika in 1956 het Defence and Aid in Brittanje besluit om vir al die beskuldigdes in die bresse te tree. In Suid-Afrika is 'n organisasie in die lewe geroep naamlik die "Treason Trial Defence Fund" wat nie alleen na die verdediging van beskuldigdes moes omsien nie, maar ook na die families van die aangeklaagdes. Hierdie organisasie was as 'n welsyns-organisasie geregistreer by die Welsynsraad. Fondse wat etlike honderd duisende rand beloop is deur Defence and Aid, Brittanje in die Treason Trial Defence Fund se fondse gestort. Met die ontslag van die laaste groep beskuldigdes van die hoogverraadsaak het die Treason Trial Defence Fund organisasie gevind dat daar nog steeds na party van die betrokke gesinne omgesien moes word en was die "Treason Trial Defence Fund" nie onmiddellik ontbind nie.

Die A.N.C. en die P.A.C. het op hierdie stadium, veral na alle beskuldigdes in die hoogverraadsaak ontslaan was, besonder bedrywig geword. Die Sharpeville insident het kort daarna gevolg en daarop is beide die A.N.C. en P.A.C. as onwettige organisasie verklaar op 8 April 1960 en

'n noodtoestand was afgekondig. Onmiddellik na bogenoemde gebeure het die biskop van Johannesburg, Father Ambrose Reeves, 'n fonds in die lewe geroep naamlik "The State of Emergency Relief Fund". Hierdie fonds moes voorsien in die behoeftes van almal wat deur die gebeure te Sharpville getref was.

Op hierdie stadium het die gedagte ontstaan by die verskeie organisasies om 'n gekonsolideerde liggaam tot stand te bring waarin al die kleiner organisasies absorbeer sal word en die liggaam sou bekend staan as "Defence and Aid Fund".

Op 21 Junie 1960 word die stigtingsvergadering te Johannesburg gehou en kort daarna gaan die voorsitter van die Johannesburg tak na Kaapstad en Port Elizabeth om soortgelyke takke te stig. Beide Kaapstad en Port Elizabeth besluit om die "State of Emergency Relief Fund" komitees aan te hou totdat die noodtoestand beëindig is en dan voort te gaan as komitees van die "Defence and Aid Fund". Die onderskeie takke kan die geld spandeer wat in hulle onderskeie gebiede gevorder was mits dit binne die bestek van "Defence and Aid Fund" se konstitusie val. Aanvanklik was die doelstelling van "Defence and Aid Fund":-

- (1) To uphold, defend and protect by all lawful means Human Rights and Civil Liberties especially the right to hold and express opinions.
- (2) To operate in the Union of South Africa and South West Africa.

In 'n memorandum deur die Johannesburg-tak van die "Fund" word die ontstaan so omskryf: "The Defence and Aid Fund" developed from a loose arrangement of emergency funds which were gradually absorbed or merely changed their names. The object was to find defence for political cases outside the scope of the Treason Trial Defence Fund. The State

of Emergency was proclaimed and The State of Emergency Relief Fund was founded in Cape Town, Fort Elizabeth, Durban and Johannesburg. Canon Collins sent £750 to Cape Town for State of Emergency Relief Fund and towards the end of 1960 the different towns linked up with Johannesburg and constituted "Defence and Aid Fund". Collins then sent money to "Defence and Aid Fund" via Johannesburg. State of Emergency Relief Fund, Johannesburg then became part of Defence and Aid, Johannesburg".

Johannesburg se welsynsafdeling van die "Fund" was versoek om in noue samewerking met die Rooikruis, "Society of Friends (Quakers)", "Christian Council of Churches" en "Social Welfare Department" op te tree.

Die ondergenoemde persone was komiteede by die stigting van "Defence and Aid Fund" takke in die onderskeie plekke:-

<u>Kaapstad:</u>	Peter Hjul	-	Voorsitter
	Thomas Ngwenja	-	Onder-voorsitter
	John Blundell	-	Onder-voorsitter
	Sally Shapiro	-	Sekretaris
	Lind Ntloho	-	Assistent en Tolk
<u>Durban:</u>	Prof. Leo Kuper	-	Voorsitter
	Alan Magid		
	Cyril Canin		
	Mev. J.F. Hill	-	Sekretaresse
	Ishmail Meer		
	N.T. Naicker		
	J.N. Singh		
	Dr. Padyachee		
	George Mbele		

Dit is opvallend dat die Durban Komitee-lede se name nie verskyn het in die notules nie. Net die hoeveelheid lede

word aangedui. Selfs persone wie verskonings aangebied  
het vir afwesigheid by vergaderings se name word nie aan-  
gedui nie - net die hoeveelheid wat afwesig was met verskonings.

Johannesburg:

A. Hepple	-	Voorsitter
Mev. Mary Walker	-	Sekretaresse
Mev. H. Jaff	-	Tesouriere
Dr. E. Helmann	-	Komiteelid
Eerw. Sidebottom	-	Komiteelid
Dr. Blaxall	-	Komiteelid
Adv. Unterhalter	-	Komiteelid
Mev. J. Sinclair	-	Komiteelid
Mnr. J. Lewin	-	Komiteelid
Mev. Lovegrove	-	Komiteelid
Eerw. Campbell	-	Komiteelid

Port Elizabeth:

Eerw. Cyprian Thorpe	-	Voorsitter
J. Laredo		

Oos-Londen:

Dr. M.N. Russel		
Marjorie Shingler		

Dear was nog ander stede waar Defence and Aid Fund ook  
klein Komitees gehad het, maar hulle het nooit werklik  
aktief funksioneer nie. Die onderskeie komitees het baie  
gewissel en byvoegings en bedankings was deurgaans aan  
die orde van die dag.

/16...

3. Die Konstitusie(a).

Die Konstitusie van die "Fund" het soos volg gelui:-

"1. Name:

The name of the FUND shall be THE DEFENCE AND AID FUND.

2. Objects:

The OBJECTS of the Fund shall be :

- (a) To uphold, defend and protect by all lawful means Human Rights and Civil Liberties especially the right to hold and express opinions.
- (b) To grant relief and assistance to compensate men and women and their dependants who suffer as a result of the loss of any of the said rights and liberties whether by process of law or otherwise.
- (c) To collect money to pay for the rendering of legal advice and assistance to persons in need thereof as a result of the loss of any of the said civil rights and/or liberties whether by process of law or otherwise.

3. Area of Operation:

The DEFENCE AND AID FUND shall operate within the UNION OF SOUTH AFRICA and SOUTH WEST AFRICA.

4. Management:

- (i) The MANAGEMENT of the Fund shall be vested in a Management Committee which shall consist of not less than TEN persons, including the President, two Vice-Presidents, Chairman, Secretary and Treasurer.
- (ii) The Management Committee shall have the power to appoint an Executive Committee from amongst its members. The Chairman, Secretary and Treasurer shall be members of the Executive Committee ex

- (iii) The Management Committee, at the inauguration of the Fund, shall consist of the persons whose names are set out in the Schedule 1 hereto. (No Schedule attached).
- (iv) The Management Committee shall have the power to co-opt members to the Committee and to any Sub-Committees it may establish and to fill any vacancies which might occur on the Management Committee or any Sub-Committee.

5. Powers of the Management Committee:

- (i) To raise funds by various means, including appeals, campaigns and functions of any nature.
- (ii) To expend such monies in any manner which will, in its sole discretion, in any respect further the objects of the Fund as set out in Paragraph (2).
- (iii) (a) To open offices, establish Sub-committees and Branch committees anywhere within the Union of South Africa and South West Africa.  
(b) To employ persons, hold meetings and issue publicity material and other literature in furtherance of the objects.
- (iv) To co-operate to any extent and upon any conditions which it deems desirable in its sole discretion in furtherance of its objects, with any person, body, organisation, committee, association or institution, whether presently existing or established subsequent to this Constitution.
- (v) To do all such things as are reasonably necessary or incidental to further the objects.

/18...

6. Sub-Committees:

- (i) The Management Committee may establish the following sub-committees and shall appoint the convenors thereof:

Law Sub-committee,  
Welfare Sub-committee,  
Bail Sub-committee,  
Fund-Raising Sub-committee,  
Publicity Sub-committee,

and any other Sub-committees which may from time to time be necessary for such purposes as the Management Committee may decide.

- (ii) The Office Bearers of the Management Committee shall be ex-officio members of all Sub-committees.

7. Power to disestablish Sub-committees:

The Management Committee is hereby empowered in its sole discretion to disestablish any sub-committee.

8. Management Committee and Annual General Meetings:

- (a) The Management Committee shall meet at least once in every three months and seven days written notice of such Meeting shall be given.

- (b) Quorum. The Quorum at any Meeting of the Management Committee shall be FIVE (5) Persons and at any sub-committee meeting the quorum shall be three persons.

- (c) Annual General Meeting: The Annual General Meeting shall be held within 60 days after the end of each financial year and fourteen days written notice of such Annual General Meeting shall be given. The business to be transacted at

such Annual Meeting shall include:

- (i) Annual Report of Chairman;
- (ii) Report on Balance Sheet and Financial Accounts;
- (iii) Election of Office Bearers and Executive Committee.

9. Amendment of this Constitution:

The Management Committee shall have the power to amend this Constitution in such manner as may in its opinion be necessary to enable the objects or functions of the Fund to be carried out.

10. Monies and Legal Proceedings:

- (i) All monies collected and all assets shall be vested in the Management Committee who may represent the Fund in any legal proceedings.
- (ii) The control and use of the monies and assets of the Fund shall be vested in the Management Committee which shall be entitled to use such monies and assets for or in connection with the objects, functions and work of the Fund in any manner in which the Management Committee, in its sole discretion, may deem fit.
- (iii) All cheques and other negotiable instruments shall be signed by any two of the following members of the Executive Committee: The Chairman, Treasurer, Secretary and Convenors of the Law and Welfare Committees.

11. Accounts:

Proper accounts shall be kept in respect of the finances of the Fund and shall be properly audited. The Auditors of the Fund shall be:



Ronald G. Creecy and Co., Accountants and  
Auditors,  
510 Corporation Buildings, Commissioner St.,  
Johannesburg.

Each financial year shall commence on the first day of JULY  
of each and every year and shall terminate on the 30th  
day of JUNE of each and every following year.

12. Branches:

- (i) The Management Committee may in its sole and absolute discretion establish or constitute branches anywhere within the Union of South Africa and South West Africa as it may deem necessary.
- (ii) The Management Committee shall have the right on application by such organisation to take over and/or absorb any organisation having any of the same or similar objects to that of the Fund and to continue operating such organisation as a branch of or subsidiary to this Fund.
- (iii) Any branch or subsidiary established in terms of (i) hereof or taken over in terms of (ii) hereof shall be administered by such persons as may be appointed or elected in any local area provided that such branch or subsidiary shall:
  - (a) undertake to carry out the objects of this Fund and such policy as may be laid down from time to time by the Management Committee;
  - (b) account for and be responsible to the Management Committee for the expenditure of any monies received by it from the Fund as also any funds raised by such branch in the name of the Fund.

- (iv) The Management Committee shall have the right to nominate a representative to the Executive Committee of any branch or subsidiary.

13. Dissolution:

- (a) The Fund shall be dissolved if at least two-thirds of the members present and voting at a Meeting of the Management Committee, especially convened for the purpose of considering the question of dissolution, vote in favour of dissolution. Fourteen clear days notice of such a special meeting shall be given and the notice shall state the purpose of such meeting.
- (b) If at such a special meeting it is decided to dissolve the Fund the assets of the Fund, after payment of all liabilities of the Fund, shall be paid or handed to such other organisation or organisations as the Committee may determine.
- (c) If the Committee fails to dispose of the assets within six months of the date on which the decision to dissolve was taken the assets shall be dissolved of in a manner to be determined by the National Welfare Organisation Board.

14. Trustees:

The Fund shall have not less than three and not more than seven Trustees whose function shall be to ensure that the funds are used and applied in accordance with the objects of the Fund.

The Management Committee shall appoint the Trustees and may replace any Trustee as deemed necessary in the interest of the Fund."

Gelyktydig met die totstandkoming van die "Fund" is aansoek gedoen om dit as Welsynsorganisasie te laat registreer by die Welsynsraad. Inmiddels het die "Fund" 'n permit verkry van die plaaslike landdros om fondse in te samel. Johannesburg-tak het op sulke permitte gefunksioneer vanaf Junie 1960 tot 14 Junie 1961 toe dit ontdek is dat die Fund nie onder die Welsyns Organisasie Wet sou ressorteer nie indien 'n klein wysiging in die konstitusie sou aangebring word. Die wysiging is toe aangebring, om dit buite die bepaling van regulasie 2(4) van die Regulasies van die Wet op Welsynsorganisasies 1947 te plass. Artikel 2(b) van die Konstitusie is gewysig om soos volg te lei: "To grant relief and assistance to compensate men and women (and their dependents) who suffer as a result of the loss of any of the said rights and liberties whether by process of law or otherwise. Thus the Fund does not require registration under the Welfare Act to collect from the public".

Die aansoek om registrasie was toe ook teruggetrek. In 'n memorandum wat deur die Johannesburg-tak versprei is, moet die volgende vertolking aan die konstitusie gegee word:

"Defence and Aid Fund renders neither legal assistance nor advice but merely provides funds to enable legal assistance and advice to be given by other persons. Defence and Aid Fund is not a legal aid bureau and so does not render legal advice or assistance. It does not assist persons essentially as a matter of philanthropy but in furtherance of its main object - to defend civil rights and liberties. The Fund is prepared to assist without distinction of race, colour, creed or opinion - it is concerned only with the object laid down by it's constitution and

civil liberties, and not with the policies of any organization, body or group of persons".

Uit die notules van die verskillende takke het dit telkens geblyk dat die konstitusie gewysig is maar wat die wysigings presies behels het kan nie duidelik vasgestel word nie. So byvoorbeeld lees die notules van die Kaapse Tak van 18 Augustus 1965 onder andere:

"The Constitution was read and amended in a number of places". Dit word nie aangedui ten opsigte van watter artikels wysigings aangebring was nie of wat die wysigings behels het nie. Die ander takke was ook nie van die wysigings in kennis gestel nie. Dit wil voorkom of die takke na willekeur kon wysig aan die Konstitusie soos dit op daardie stadium dié besondere tak gepas het.

Die Konstitusie het onder andere voorsiening gemaak vir nie minder as drie en nie meer as 7 Trustees nie. Die funksies van die Trustees was soos volg omskryf: "The function of the Trustees shall be to ensure that the funds are used and applied in accordance with the objects of the Fund.

Aansienlike moeilikhede was egter ondervind omdat Suid-Afrika so 'n uitgestrekte gebied is en of die Rhodesies en Nyasaland ingesluit moet word.

Die volgende name was deur Domheer Collins voorgestel as moontlike lede: A. Paton, Joost de Blank, Ellen Helman, Luthuli, John Wilson, Z.K. Matthews, Schreiner (oudregter).

Die volgende persone het hulle die aanstellings laat welgeval:

A. Paton, Dr. Edgar Brooks, Joost de Blank, Prof. Z.K. Matthews, Eerw. A.A. Xulu.

Domheer Collins was baie besorg oor wie die trustees moet wees soos duidelik blyk uit 'n brief van hom aan Alex Hepple, Johannesburg:-

"Christian Action is concerned that if their monies are invested in South Africa with persons who are engaged in political movements which clearly are unacceptable to the Government such monies may be liable to confiscation. Trustees must not be engaged directly with political work".

Dit is opmerklik hoe veelrassig al die Komitees saamgestel was en hoe min die Trustees geraadpleeg was in verband met die besteding van fondse. Inteendeel kon uit die dokumente nie 'n enkele geleentheid opgespoor word waar die Trustees geraadpleeg was met wysigings aan die Konstitusie of beleidsverandering nie. Veranderings wat die beleid van die Fund ondergaan het sal later getoon word.

Op 23 Maart 1962 skryf Peter Hjul van die Kaapse-tak aan Johannesburg-tak:-

"... At a meeting we had in Johannesburg a year ago, we decided that the Defence and Aid Fund should re-organise itself as a representative national body. Ways of achieving this were discussed and it was agreed that we should have a national committee in which all branches would be represented and which would meet periodically in different Centres of South Africa ... We should like to know when this committee will meet and where".

Op 3 April 1962 het Johannesburg hierop geantwoord:

"National Committee.

The principle of a National Committee is fully supported but its establishment has been delayed because of practical difficulties ...".

Op 3 Oktober 1962 het Kaapstad-tak die Johannesburg

gestig is met die volgende lede: Donald Molteno,  
Eerw. Wood, Thomas Ngwenya, Albie Sachs en Peter Hjul.  
Hierdie Sekretariaat sou aandag skenk aan die verskuiwing  
van die hoofkantoor vanaf Johannesburg na Kaapstad en sekere  
wysigings in die Konstitusie. Dit het egter nooit funksioneer  
nie en die voorstelle het nooit materialiseer nie.

/26...

4. Beleidsverandering.

Vanaf die totstandkoming van Defence and Aid Fund in 1960 was dit deur die afsonderlike takke van die Fund as 'n beleid aanvaar dat geen verdediging sal voorsien word in sake van geweld nie. Sedert die begin van die Hoogverraadsaak in 1956 kan die gebeure in Suid-Afrika as 'n skaakspel gesien word. Vir elke set was daar 'n teëset en dit het onverbiddelek voortgegaan.

Na die ontslag van die beskuldigdes in die Hoogverraadsaak het Sharpsville gevolg, die resultaat waarvan was die onwettig verklaring van die P.A.C. en A.N.C. organisasies. 'n Noodtoestand was afgekondig en die 90-dae en later die 180-dae aanhoudings was promulgeer. Sabotasie het nou sporadies voorgekom en hierop het gevolg Wet No. 76 van 1962, die Sabotasie Wet.

Voor die Sabotasiewet van 1962 het die Fund meesal die volgende tipe sake verdedig:

- (1) Lede van verbode organisasies.
- (2) Verbreking van Inperkingsbevele.
- (3) Bevordering van verbode organisasies.
- (4) Fondse insamel vir verbode organisasies.
- (5) Enige sake met 'n politieke kleur waar geen geweld voorkom nie.

In 'n brief van 8 Augustus 1960 vermoedelik afkomstig van die P.A.C. of A.N.C. hoofkwartiere nadat beide organisasies in die ban gedoen was, word die volgende gevind:

"... Sons of Africa.

Philip Kgosana was subsequently arrested in very treacherous circumstances. He had been promised safe conduct by the Police and when he went to the city for negotiations with a highly placed official in the department of Justice, he was arrested. I suppose that was the Boer's way of

of avenging Piet Retief ... Peter Brown was among a number of white Liberals who were locked in for well over three months.

... Some people are of course thinking of Sabotage ... I am against violence ... I have been told sabotage is the cheapest in terms of manpower form of effective opposition now that the ban has sent political organisations underground .."

Die aanvanklike beleid van die Fund blyk duidelik uit die volgende:

Op 14 Augustus 1962 skryf Alex Hepple, Voorsitter van die Johannesburgse tak van die Fund aan J.D.F. Martin, Amnesty International, Londen, Engeland wie begerig is om finansiële steun te verleen aan B. Turok wat in 1962 vir sabotasie veroordeel is:

"For various reasons the Defence and Aid Fund decided not to handle cases involving Sabotage, so we have given no financial or other aid in this case. I would gladly act as intermediary on your behalf in handling money raised to assist the Turok family".

Op 5 Februarie 1962 besluit die Johannesburgse Uitvoerende Komitee van die "Fund" dat in alle sake van sabotasie waarin om hulp by die "Fund" aansoek gedoen word, sulke sake eers na die volle Uitvoerende Komitee verwysal word. Johannesburg was op hierdie stadium nog beskou as die hoofkantoor van die "Fund" wat die beleid moes neer lê.

Op 15 September 1963 skryf Dr. Ellen Hellman, later voorsitter van die Johannesburg-tak aan mevr. J. Hill, sekretaresse van die Durbanse tak:

"The objects of the Fund (in so far as they affect the question of who should or should not be given legal assistance) read as follows: 'To uphold, defend and protect



by all lawful means Human rights and Civil Liberties, especially the right to hold and express opinions. To collect money to pay for the rendering of legal advice and assistance to persons in need thereof as a result of the loss of any of the said civil Rights and/or liberties whether by process of law or otherwise .....

The application of this formula presents certain difficulties in certain border-line cases, specially these relating to 'conspiring to promote the objects of an unlawful organisation', when it is not clear to what conspiring refers. In others there is no difficulty: e.g. membership of an unlawful organisation or of communism (in its broad definition as laid down in the 1950 Suppression of Communism Act) are matters falling within the purview of D.A. as they result directly from the curtailment of what are generally agreed to be civil rights. On the other hand, the Johannesburg Defence and Aid Legal Committee had before it an application from 6 people charged with undergoing military training outside South Africa and it turned down this application. I, myself, lacking any legal training, find that I have always to put the simple question, 'Is X or Y a civil right', and that usually the answer to this delivers the answer to the basic question ... What is quite clear is that we do not assist in the defence of Sabotage itself."

Op 14 Mei 1962 besluit Johannesburg se Uitvoerende Komitee:

"In terms of our constitution we do not handle cases under the explosives Act". Tog het Suliman Vallie voorgestaan op 'n aanklag van besit van plofstowwe en was hy verdedig deur bemiddeling van die "Fund".

/29...

Op 20 September 1963 besluit die Uitvoerende Komitee van die Durban-tak van die "Fund":-

"... We were asked to base our decision whether or not to defend on the question of whether or not the infringement of a civil right was involved ... Sabotage did not fall within this definition".

Op 5 November 1963 word die Sekretaresse van die Durban-tak opdrag gegee deur die Uitvoerende Komitee om van die Johannesburg-tak vas te stel wat Johannesburg se beleid gaan wees in verband met die Rivonia-verhoor.

Op 12 November 1963 skryf Sekretaresse van "Defence and Aid" in Johannesburg aan Dr. Clem Goodfellow, Grahamstown:

"I was very pleased to hear via Peter that you were interested in forming a Defence and Aid Fund Committee in Grahamstown if it were possible ... I think Peter told you that we do not take cases involving violence because our constitution binds us on this matter. But we take any cases of a political nature, in which we feel that people will get a better defence that way".

Op 12 November 1963 skryf E. Lewin, sekretaresse van die Johannesburg-tak aan die Voorsitter van die Port Elizabeth-tak:

"The enclose cheque is for defence cases only. Not for any aid to families. ... But I want to make it clear that this money is not to be used for the Grahamstown cases as this is a case we cannot take because of our constitution. The money is to be used for political cases only, and only for political cases which do not involve violence

In die Oos-Londen Komitee van die Fund was daar verdeeldheid in verband met die verdediging van Sabotasie-sake. So skryf een van die Komitee-lede (B.I.U. Amen) aan die voorsitter (Dr. Russel) van die Oos-Londen tak:

" I want to say first of all that I have always found myself to be in complete harmony with the members of the local committee. I emphasise this because I have felt that our approach differs somewhat to that of the main organization. It is difficult to be precise about such a matter but I have got the impression that the Johannesburg office is prepared to assist in the defence of anyone brought before our courts provided only the charge has some political connotation. This attitude may be right. I do not set myself up as a model judge but this is one I cannot agree with. Because of this approval to the problem I would not like to accept the responsibility of administering funds placed at our disposal by the Johannesburg Committee. I would prefer therefore to resign from the local committee if it was decided to administer such funds" ..

In 'n brief van die Sekretaresse van die "Fund", Johannesburg, skryf sy op 17 September 1963 aan Matthews Makhalina p/a Die Pretoria Tronk:

"I confirm our telegram sent to you today informing you that the Defence and Aid Fund is unable to provide legal defence in the case which is being brought against you and six others on 23 September on allegations of having undergone training of a military nature in Ethiopia during the period 27th July, 1962 to 18th January, 1963. The Constitution of our fund does not permit us to assist in cases of this kind".

In 'n Uitvoerende Komitee verslag van die Durbânse tak van die Fund oor die P.A.C.-verhore te Durban is die volgende gerapporteer:

"In accordance with a ruling from Headquarters

(Johannesburg) that Defence and Aid Fund could only handle cases where there was a possibility of civil rights being infringed, and that sabotage did not come within this definition we gave no financial assistance through Defence and Aid".

Uit die voorgaande briefwisseling is dit baie duidelik dat al die takke van die "Fund" in Suid-Afrika dit eens was dat sake waarin geweld 'n element was nie deur die "Fund" verdedig mag word nie omdat dit buite die bestek van die konstitusie sou val.

As gevolg van die onsekerheid skryf Domheer Collins aan die Johannesburg-tak van die Fund op 17 Oktober 1963:-

"Has your Defence and Aid Committee out there yet been able to settle the question of whether it will take on defence of those involved in Sabotage cases? I would be very grateful if you would let me know as quickly as possible, because we are now planning an urgent appeal for money for the new trial shortly to start in Pretoria of eleven accused under the 'Sabotage Act'. It is therefore, very important that we should know whether we can transmit money for this case through your committee or whether we should find some other way of helping them".

Dit is dus duidelik dat die domheer alreeds besluit het dat sabotasiesake moet verdedig word en as die plaaslike komitees nie te vinde was om geld vir die doel te administreer nie, sal die geld nogtans gestuur word om deur ander persone of liggeme vir die doel administreer te word.

In antwoord op die brief van die domheer skryf die Johannesburg-tak as volg:

"The problem of assisting in cases involving sabotage and violence has not yet been resolved. You will

remember that it was decided some time ago that as a matter of principle our Fund could not undertake the defence of persons who embarked upon open acts of violence to compel political changes in this country. Since that decision was taken, it has become apparent that in the very nature of the various laws against political opposition and the large scale arrests and prosecutions. Some members of our committee believe that it should be our responsibility to take an interest in sabotage cases i.e. where the charge is sabotage under the Sabotage Act, the Rivonia trial being a case in point. However, there are numerous difficulties technical and legal, apart from other objections. ... A sub-committee has been appointed to draw up a set of guiding principles in making decisions on applications ... Meanwhile all are agreed that your best course in regard to the Rivonia Trial would be to send funds directly to the instructing attorney, Mr. Joel Joffe, 204 Provident Assurance House, Commissioner Street, Johannesburg. I should also tell you that other mass trials of members of the banned A.N.C. and other Congress groups are pending in East London (106 accused), Port Elizabeth (35 accused) and Durban (19 accused) ... It is possible that you will be asked to give direct assistance in those cases too."

In 'n skrywe aan die "Defence and Aid Fund" te Kaapstad het gelyste kommunist E.S. Sachs as organiserende sekretaris van "Christian Action" hom as volg uitgelaat ten opsigte van die beleid van "Christian Action":

"The Aims of our Defence and Aid Fund are to provide effective legal aid to victims of apartheid who are brought to court or deprived of their liberty by administrative action and also to help their families. Our Fund is pledged to a policy of non-violence but in

deciding whether we should provide defence and aid in any particular case, we are concerned with the motives and not so much with the acts or omissions; nor are we concerned with the political, religious or other beliefs of the person concerned. If the motive is not self gain, but to further the interests of African freedom, he becomes entitled to our support even if the method employed by him, or the political beliefs he holds do not meet with our approval ...".

Op 22 April 1963 antwoord John Blundell vir Sachs as volg:-

"... By now it will be clear to you that we are only too anxious to do all we can to find defence wherever and whenever it is required, even if some of us may not be motivated by quite such an unique intepretation of our constitution as you set out in your fourth paragraph".  
(Fourth paragraph quoted above).

Op 10 Junie 1963 skryf die sekretaris van die International Confederation of Free Trade Unions England, aan Defence and Aid Fund in Johannesburg soos volg:

"... There is another matter on which we should like to have your advice. Further repressive legislation has been enacted in South-Africa, such as the General Law Amendment Act (known as the Anti-Sabotage Act) and subsequent refinements of this oppressive law. We should like to know whether the Defence and Aid Fund also comes to the assistance of victims charged under these latest pieces of legislation. It is of some importance to us to know this at your earliest convenience, since it has been suggested to us that the South African Defence and Aid Fund is unable or has decided against, coming to the aid of those charged under the Anti-Sabotage Act, and we should naturally like to be clear about this aspect of

of the matter".

Met die bepalings van die konstitusie van die "Fund" en vorige besluite dat sake van geweld nie mag verdedig word nie, het die kontensieuse navrae van die buiteland die plaaslike komitees in die war gejaag. Die plaaslike komitees het maar te goed besef hoe absoluut afhanklik hulle was van buitelandse fondse en om die buitelandse bron nie te laat opdroog nie is die bepalings van die konstitusie en vorige besluite oor boord gegooi en alle sake van geweld met politieke agtergrond is verdedig.

In 'n "memorandum on Defence and Aid Fund" wat deur die Johannesburg tak opgestel was in Januarie 1964 word die volgende gevind:

"Before the Sabotage Acts of 1962 and 1963 and above all before the activities of underground organizations like Poqo and the Spear of the Nation (Umkonto we Sizwe) became manifest, no particular difficulty was experienced in deciding which cases fell within the competence of Defence and Aid. Until mid 1963 Defence and Aid, Johannesburg took pride in the knowledge that despite its limited resources, it had not refused assistance in a single case in which an application for help had been made ... Charges involving violence against persons are in general not regarded as falling within the definition of restrictions on civil rights. The Fund did not accordingly, take up the Rivonia case (quite apart from the fact that it did not have funds to do so). Canon Collins of Christian Action is, however, assisting in that case on the grounds that adequate legal defence should be made available to all accused".

"Until the beginning of 1963 a great deal, though

was done pro amico by attorneys and advocates. Since the second quarter of 1963, after a series of acts of sabotage had been committed and allegations of a wide spread "Poqo" conspiracy aimed at the take-over of the country, the number of arrests snow-balled".

Op 10 Oktober 1964 word op 'n spesiale vergadering van die "Fund" te Durban besluit dat sake van sabotasie nie verdedig sal word nie. Daar word egter opgemerk dat: "The Station Court case had not been defended by Defence and Aid but arrangements had been made from overseas for lawyer to be paid retainer to enable her to deal with the case". Ruth Hayman is die "her" na wie verwys word.

Aanvanklik was die Port Elizabeth-tak gekant teen die verdediging van sabotasie-sake. Hulle siening was dat persone wat willens en wetens dade van sabotasie gepleeg het nie geregtig is op verdediging nie veral nie uit publieke fondse nie. Dit was ook gevoel dat as sabotasie sake verdedig word die bestaande konstitusie gewysig sou moet word en die gevaar dan bestaan dat die owerheid dit kan gebruik as verskoning vir optrede teen Defence and Aid en sy lede. Nogtans sonder formele wysigings van die konstitusie is sabotasie-sake deurgaans verdedig met publieke fondse.

Op 20 Julie 1964 besluit die Johannesburg-tak van die "Fund" die volgende:

"General. The Committee agreed that the Constitution should be changed to include consideration of all types of cases which fell under laws like the Criminal Laws Amendment Act, the Suppression of Communism Act, the General Laws Amendment Act and others of a similar nature. Mr. Maisels would be asked to redraft the constitution and failing him Mr. Kentridge would be asked



to do it. Mr. Maisels reports that he is experiencing difficulties with the redrafting. Miss Ruth Hayman now undertakes to do it".

Daar kon geen bewyse opgespoor word by enige van die takke dat die konstitusie inderdaad gewysig was nie. Al die takke het doodluiters voortgegaan om sake van sabotasie tesame met ander sake te verdedig. So skryf die Johannesburg-tak aan die World Council of Churches op 29 Oktober 1964:-

"A decision has been reached by the Committee to assist financially in the defence of the sabotage cases ... Very considerable sums of money will be involved as the cases are complex and it has been necessary to brief Senior Counsel. Further there will be the State versus Fischer and others. This case involves 14 other people and will involve a large amount of money over and above the ability of any accused to contribute.

Op 20 Oktober 1964 laat die Johannesburg-tak hom as volg uit teenoor Kaapstad-tak:

"It has been decided in principle that Defence and Aid should assist financially in the defence of the 2 sabotage trials in Cape Town ...".

Op 30 Oktober 1964 rapporteer die Johannesburg-tak aan Christian Action, Londen as volg:-

"Now that sabotage trials are starting at various centres in South Africa, there has been considerable discussion about the attitude of Defence and Aid. It has been decided that those cases should not be excluded, but each application would be treated on its merits, having regard to all the circumstances and to the availability of Funds". Met ander woorde as "Christian Action" toesien dat daar fondse is sal sabotasie sake verdedig word. Hierna was alle sabotasie

sake verdedig deur die verskillende takke.

Met die kondisionering van die "Defence and Aid"-takke in Suid-Afrika deur die buitelandse donateurs, onder andere "Christian Action", "World Council of Churches", "International Confederation of Free Trade Unions" en andere dat sabotasie sake verdedig moet word, het domheer Collins sy gewraakte toespraak gemaak by die V.V.O. Die domheer was versterk in sy siening, want, het die "Defence and Aid" in Suid-Afrika dit dan nie duidelik laat blyk dat ten spyte van die doelstellings van organisasies soos die P.A.C., A.N.C., Umkonto we Sizwe en Pogo, om die Suid-Afrikaanse regering omver te werp, die "Defence and Aid" in Suid-Afrika die oortreders ten alle koste moet verdedig nie?

Enkele uittreksels uit die domheer se toespraak voor die V.V.O. lui soos volg:

"To put matters right in South Africa requires political action on a big scale ... there is little if any likelihood of effecting the necessary political changes, by normal democratic, internal political processes. In such a situation it seems probable that only external pressures and the threat of execution of internal revolution will bring about the desired result ...".

"I believe it would be wrong to suppose that the work done by the Defence and Aid Fund is no more than a palliative. I think that, as well as bringing to the persecuted victims of unjust legislation and oppressive and arbitrary procedures, and relief to their families and dependents - and that thoroughly worth-while job we have done now for many years, - and will continue to do until the non-Whites in South Africa are politically, socially

and economically free men and women - the Defence and Aid has played, and continues to play, a vital role in bringing about these political changes so desired by all the people of goodwill. And of much importance, in my opinion, is the fact that the contribution of Defence and Aid in this respect fosters the morale of the Internal resistance, for, if the necessary political changes are to be brought about with the minimum of violence, and no sane person could wish otherwise - it is the resistance movement inside South-Africa, the front line of the struggle for freedom, which alone can give South-Africa the ability to become a non-racial society based upon a free democratic way of life".

"... The Government had planned to use the trial (Rivonia trial) as a propaganda platform for its attempt to make the world believe it was up against a communist plot. This very largely failed. It was in fact Nelson Mandela and his fellow accused who were able, from the dock, to state their political aims to the entire world, and to reveal the true nature and integrity of the resistance movement. The convicted men went to gaol, knowing that as far as was humanly possible, their families would be cared for.

... By caring for their families we build their morale in gaol".

Hoe sterk hierdie moraal gebou was blyk uit 'n brief van die Sekretaris van die Durban-tak aan Allan Paton op 8 Februarie 1966:-

"... Mrs. Zulu came over to see me at last. Mind you she had written to me. I did want her to give an acknowledgement of the R24.00. This I send to you. She is beside herself now that she has seen her husband.

She says her husband went into jail a frightened man, he is now a tiger! Somebody should tell this story to Vorster. Maybe he'll change his mind about keeping Sobukwe in jail".

Die domheer het voortgegaan:

"... I have explained one aspect of the welfare work of Defence and Aid, namely, that the morale of the man in gaol is kept up when they know that their families are cared for".

"... I have given only a bare outline of all the needs. Nor have I touched upon the necessity to provide for the families and dependants of the underground resistance. ... But what man or woman can happily or easily undertake such dangerous work if he or she knows that, by doing so, the well-being of the children and other dependents is at stake".

Uit die voorgaande is dit baie duidelik dat die fondse wat deur die domheer ingesamel en na Suid-Afrika gestuur was gebruik moes word om saboteurs, moordenaars, brandstigters, meineders en dies meer, in hulle kwaadwillige optredes te sterk, nie alleen om hulle verdediging te waarborg nie, maar om ook die familie onderhoud in al sy fasette te onderneem. Met ander woorde om nie alleen 'n politieke, industriële, sosiale of ekonomiese verandering teweeg te bring nie, maar dit met geweld te bewerkstellig en die domheer sal die nodige fondse verskaf, as die persoon net gekry kan word om die misdade te pleeg, of dit lewens en bloedvergieting in sy spore laat, tel by die domheer weinig meer as niks - die oortreders en naasbestaendes moet goed versorg en na omgesien word. Die aanmoediging tot die pleeg van die misdade kon die domheer nie duideliker gestel het nie. Die Uitvoerende Komitees van die Fund in Suid-Afrika was goed bewus van die toedrag van sake,

maar het voortgegaan met die verdediging van die oortreders wat somtyds duisende rand beloop het. In die saak van die Staat teen Mkalipi en andere is 'n bedrag van amper dertien duisend rand betaal vir die verdediging van die beskuldiges. Mkalipi en drie ander was aangekla dat hulle die land onwettig verlaat het, militêre opleiding buite die grense van Suid-Afrika ontvang het; dat hulle na Suid-Afrika teruggekeer het en rekrute gewerf het vir buitelandse militêre en sabotasie-opleiding. Vonnisse van 20, 17 en 11 jaar gevangenisstraf was opgelê terwyl een beskuldigde onskuldig bevind en vrygespreek was.

Dit is 'n welbekende feit dat die verbode Kommunistiese Party alleenlik lede aanvaar wat alreeds lede is van 'n ander organisasie. Defence and Aid in Suid-Afrika was ook welbewus van die feit, maar het deurgaans P.A.C., A.N.C. Poqo en Umkonto we Sizwe sake verdedig. Tereg het Sy Edele Regter Snyman in die Paarl Onluste Onderzoek opgemerk:

"... South Africa's greatest danger is the Communist led African National Conference which is already gaining strength from the decline of Poqo. The acts of sabotage in South Africa are done largely under the guidance of Communists. They use the A.N.C. and Poqo and other bodies for this purpose".

Die uitlatings van domheer Collins by die V.V.O. het 'n stortvloed van proteste uitgelok. Hy was behoorlik voor stok gekry deur die "Defence and Aid" Komitees van Suid-Afrika en niemand minder nie as die redakteur van die "Sunday Times".

So skryf die domheer aan die redakteur van die "Sunday Times":-

"I wish to state categorically that no money from Defence and Aid Fund of which I am the Chairman ever has been or ever will be allocated to foster violence ... You ought to know - Dr. Verwoerd certainly does - that to defend in the Courts persons accused of violence is not the same thing as to incite to violence" ... Die redakteur merk egter op:- "It is significant that Canon Collins avoids all reference to his astonishing statement at the U.N. that he was collecting funds "to support the underground resistance movement in South-Africa".

Die redakteur van die "Sunday Times" het later vervolg:-

"We are not prepared to retract in any way our condemnation of Canon Collins for this campaign to raise funds for promoting violence, sabotage and subversion in South Africa. This is not the way we intend to solve our political problems, and this type of incitement will not be tolerated by the Government or the Opposition. Whoever proposes to resort to violence as a political weapon will find all South-Africa firmly united against it".

Op 10 Junie 1965 skryf die Voorsitter van "Defence and Aid", Port Elizabeth, aan Johannesburg-tak:-

"You have no doubt read Canon Collin's latest address at U.N.O. with his ill-advised statements about 'underground resistance'. For my part I have no desire to receive further funds from Defence and Aid, London if it is thought that the money is used for this purpose ... Please advise me as soon as possible what action you intend taking to refute this rubbish as the position is difficult enough already without the Canon making statements

of this nature".

Selfs private donateurs hier te lande het beswaar gemaak teen die verdediging van beskuldigdes wat gewelddadig opgetree het. So skryf G.E. Bevan van Pretoria aan "Defence and Aid", Johannesburg, op 27 Junie 1963:-

"... I should be glad to make another contribution to the help of such unfortunates as you list but should like just to be assured that you discriminate between the violent and the non-violent. Although sympathetic, for they have been consistently provoked, I am not prepared to help defend such as those three-members of the P.A.C. who were given life-sentences recently for sabotage and planning the murder of whites, the poisoning of black servants of their employees - I have no wish to assist in the promotion of an imitation Mau-Mau in South Africa".

Hierop antwoord "Defence and Aid", Johannesburg soos volg:-

"We would like to inform you that as a matter of principle the Defence and Aid does not give aid to persons who are charged with acts of violence. ... We are not in a position to judge on the merits of any case and facts may emerge at trials which were not known to us when appeals for assistance were made".

Hoe flou en oneerlik die verskoning is blyk uit die feit dat die advokaat of prokureurs wat optree namens beskuldigdes deurgaans van 'n klagtestaat voorsien word geruime tyd voor die verhoor. Wat die Staat beweër in die klagtestaat moet immers bewys word voor 'n skuldig-bevinding kan volg. Die advokate en prokureurs het gereeld die beskuldigdes konsulteer en Staatsaanklaers was deurgaans geraadpleeg. Met al hierdie feite bekend is dit nie

moontlik om onkundigheid te pleit nie.

Wat egter gebeur het is dat alle aansoeke aanvaar was die oomblik as aansoek gedoen was. Opdragte was dan aan prokureurs en advokate gegee en dan eers was die feite van die saak vasgestel. As dit volgens "Defence and Aid" 'n politieke saak was, was dit aanvaar of dit geweldadige optrede was al dan nie. Die sake van Dr. Alexander en andere, Fred Carneson en baie ander, word in hierdie verband in gedagte geroep.

In die saak waarin Lynette van der Riet saam met Edward Joseph Daniels, David Guy de Keller, Anthony Andrew Trew, Allan Keith Brooks en Stephanie Kemp op klagtes van sabotasie verskyn het voor Sy Edele Regter Beyers in die C.P.D. in November 1964 het van der Riet erken dat "explosive charges were prepared in her flat and that at one stage the feasibility of using bacteria for sabotage was discussed".

In genoemde saak het Adrian Leftwich, 'n staatsgetuie wat eintlik 'n medepligtige was, en 'n vorige president van NUSAS was, erken dat teen die end van 1963 het hulle kollegas in Londen 'n geskenk aan hulle gestuur. "It was a crate marked 'Glass'. Under a false bottom it contained sticks of plastic explosives. Hierdie 'sticks' of 'plastic explosives' was vir 'n tyd in die woonstel van van der Riet gehou.

Indien die optredes van hierdie groep sou slaag sou die gevolge iets skrikwekkend en ramspoedig gewees het.

Met hierdie feite bekend het "Defence and Aid" in Kaapstad die beskuldigdes laat verdedig deur die beste beskikbare talent. Dit strook natuurlik ook met die uitslatings van die domheer in sy toespraak by die V.V.O.



Dit kan egter nie in lyn gebring word nie met die konstitusie van die "Fund" wat lui dat alleenlik gekyk word na "the protection and upholding of by all lawful means Human rights and civil liberties".

Dat "Defence and Aid Fund" gebruik was bo en behalwe "Human Rights and Civil Liberties" blyk uit die volgende brief wat deur A.K. Ganyile van Bizana in die Transkei gerig was aan "Defence and Aid", Johannesburg:

"A 'Golden City Post' reporter has recommended your firm to my people (Pondos) who are faced with arson cases. But before committing ourselves, we would like your firm, if possible, to give an indication as to what its charges are per sitting, per week and any other relevant information. At present we feel that we are painfully paying skyhigh charges, and if this continues the whole campaign against the Bantu Authorities Act will be a flop. We are now paying to our two attorneys £120 a week with the result that four cases have nearly cost us about £1000. This does not include £200 which we have used for bailing out some of our men. Last Friday four accused were nearly not defended because our attorneys demanded £60 a day. After a long discussion they reduced this to £40. This case has been on for three days and has already cost us £120. I have been confidentially informed that these cases will take about four to six months. There are still cases for incitement coming. We would very much appreciate your co-operation".

Sonder uitsondering was alle beskuldigdes wat die land onwettig verlaat en waer binnegekom het, militêre opleiding, en opleiding in sabotasie buite die landsgrense ondergaan het deur die "Fund" verdedig. Dit was uitdruklik beklemtoon dat hierdie tye sake van uiterste belang is en

ten alle koste moet verdedig word deur Senior Advokate, die bestes wat beskikbaar is.

Dit is net nodig om na die manifestos van die A.N.C. en P.A.C. te kyk ten einde die eintlike doel van die "Fund" te bepaal. In die saak die Staat teen Maika (1962) verhoor in die Johannesburg Streekhof, was die manifesto van die P.A.C. ingebandig as bewysstuk. Nie alleen is die dokumente nie, maar ook die hele hofrekord met bevindings van die landdros by die "Fund" kantore gekry. Nieteenstaande die feit dat die "Fund" geweet het wat die P.A.C. se doel is, het die "Fund" nogtans ywerig voortgegaan om diesulkes te verdedig.

Die doel van die P.A.C. was onder andere:

"(1) The first task is to consolidate the underground organisation of the P.A.C. This means that each region or branch must resort to cell organization. (Vgl. Kommunistiese metodes). Each and every cell in a branch or area must be in touch through its leaders, with a small branch. Executive Committee which is itself a cell unit --- The cell must meet frequently under conditions of extreme secrecy. Iron discipline must be instilled among members.

(2) The second task is just as vital. The fact that P.A.C. went into positive action in order to have all Pass Laws removed from the Statute Book. (Vgl. Sharpeville).

(3) The final decisive phase will be a call by P.A.C. for nation wide Mass Action with P.A.C. membership constituting a militant spear head or vanguard ... The call will come from Central Headquarters. P.A.C. leaders of all grades and strata forward now to Action, to consolidation

and preparation. Now."

Sedert 18 Maart 1966 is sake van sabotasie, A.N.C. en P.A.C. bedrywighede, land onwettig verlaat vir militêre en sabotasie-opleiding, besit van plofstowwe, inteedeel enige sake van geweld, tot 'n minimum beperk. Dit moet onteenseglik toegeskryf word aan die feit dat daar nie meer 'n "Defence and Aid" fonds was nie. Die feit dat die Staat in sekere gevalle verdediging van genoemde tipe sake pro deo verskaf het in gevalle waar die doodstraf opgelê kan word het nie algemene byval gevind nie. Inteedeel het sake voorgekom waar beskuldigdes staatsverdediging summier van die hand gewys het. Soos blyk uit die hofverrigtinge soos hieronder weergegee in die saak Die Staat teen Julius Mtalaha en 2 ander voor sy Edele Regterpresident Jennett op 27 Oktober 1965 in die Oos-Kaapse Afdeling :

"Counsel for the defence informs the court that the accused do not wish him to defend them. Counsel was appointed pro deo.

By the Court: Tell the Accused Mr. Intepreter that I understand that they refused to have Counsel? --- That is correct.

Can I ask why? --- We want one appointed by the Defence and Aid.

Why? -- We don't know the gentleman who was supposed to Defend us.

Do you know these people at the Defence and Aid? -- Yes we do.

Which of them do you know? -- I have just momentarily forgotten his name.

Now you know one? -- Yes.

From where? -- From Port Elizabeth.

Let me tell them that the Attorney General and the Registrar have been to great pains over the last fortnight. They have been in direct contact with the Defence and Aid on a number of occasions. The Defence and Aid said that they were not defending anyone of the Accused in this series of trials and I think that one of the reasons is because the Court was prepared to offer Counsel to you. It seems to me in the result that the Defence and Aid have had the extraordinary affect of creating in your minds the outlook that the only Counsel you could trust would be the Defence and Aid Counsel. And if that is so, I can only say, and I say it deliberately that they would have done a great disservice. In due course I might have other comments to offer, and I finally understand from you that you wish to defend yourselves? -- If we cannot obtain Counsel from Port Elizabeth, we will then defend ourselves.

You will not obtain Counsel from Port Elizabeth, that I can assure you, unless you pay for Counsel yourselves? -- Under the circumstances I wish the trial to continue and I shall defend myself.

Yes. You can inform your colleagues the Defence and Aid in none of the cases being tried in this series right throughout until the end of next week, will receive the Defence and Aid Counsel."

In een geval was 'n advokaat deur beide die Staat en Defence and Aid vergoed.

5. Gebruik van Fondse en Vorderingsmetodes.

Dit was oor en oor beklemtoon dat die fondse van die "Fund" uitsluitlik gebruik was vir "to pay for the legal representatives of people facing political charges and where possible to aid families who are left destitute".

In 'n memo was dit as volg omskryf:

"The Fund does not assist persons essentially as philanthropy but in furtherance of its main object - to defend civil rights and liberties. Accordingly no means test on the economic position of the applicant is applied as a condition of a grant or a loan".

Die invorderings hier te lande het nooit noemenswaardige syfers behaal nie. Gereëlde donateurs het net nie bestaan nie en die plaaslike takke het deur middel van etes, danse, konserte bedelbriewe, en dies meer die stywing van die "Fund" probeer aanhelp. As dit nie was vir buitenlandse bydraes nie, kon die "Fund" nooit in Suid-Afrika behoorlik funksioneer nie en sou dit 'n vroeë dood gesterf het.

Daar is egter afdoende bewyse dat die "Fund" in baie opsigte buite die bepalings van die konstitusie opgetree het. As 'n persoon vir 'n politieke oortreding aangekla was het die "Fund" al sy belange en verpligtinge oorgeneem en hom in 'n beter posisie gestel as wat hy voorheen was. Die "Fund" het in alle opsigte as die Universele Barmhartige Samaritaan opgetree, bloot omdat so 'n persoon 'n politieke oortreding begaan het. Die volgende is 'n paar gevalle waarvoor fondse onder anderé ook gebruik was:

(1) Prokureur L. Mtshizana, 'n lid van die Uitvoerende Komitee, Oos-Londen, wat in verskeie sake opgetree het

namens "Defence and Aid Fund" was later aangekla op verskeie klagtes van regsvertydeling. Die "Fund" het R918 spandeer om die saak te verdedig. Hy is egter skuldig bevind en van die rol van prokureurs geskrap wat "Defence and Aid" 'n verdere R300 gekos het.

(2) Dit het geen verskil gemaak watter oortreding gepleeg was nie, maar as die oortreder 'n politieke agitator was, was hy verdedig. So is daar onder andere, die oortreder se hofopgelegde boete betaal, kapitaal verskaf om 'n besigheid te begin, versekerings betaal, sakgeld verskaf tydens aanhouding en daarna, vervoerkoste van meubels, natuurlike-belasting, begrafniskoste. Hierdie bedrae word in die boekhouding aangetoon as "sundry advances" en word later afgeskryf of dit word teen die welsyns fondse gedebiteer.

(3) Die volgende sake wat seker nie noodwendig as politieke sake kan beskou word nie, was ook deur die "Fund" verdedig. Betreding, meened, moord, brandstigting, oortredings in gevangnisse, aanranding op bewaarders, bedrog, weier om getuienis te gee, kwaadwillige saakbeskadiging, openbare geweld. Ook hier was die deurslaggewende faktor wie die persoon is wat die oortreding gepleeg het. Waar soortgelyke oortredings gepleeg was en waar daar nie 'n politieke agtergrond was nie, het die "Fund" geweier om op te tree.

(4) Robert Sobukwe was spesiaal uitgesonder om voordele aan te verskaf. So besluit die Kaapse Komitee om R10 per maand opsy te sit vir die aankoop van grammofoon plate tabak en sigarette, groente en blomsaad vir Sobukwe op Robbeneiland. Plate wat alleen 'n kenner van musiek kan waardeer was gestuur. Geen wonder dat Benjamin Pogrund later aan die "Fund" Kaapstad die volgende skryf nie:- /10

"In any event he (Sobukwe) says that the cigarettes etc. are reaching him regularly and he expresses his appreciation. He said that you could spare yourself sending him records. My own feeling however, is that if it is not proving any burden to you, it would be a good idea to continue sending him records".

Ook aan Sonia Bunting was met haar vertrek uit Kaapstad 'n "handwoven Moroccan bedspread" as geskenk deur die "Fund", Kaapstad aangebied.

(5) Op 4 Oktober 1965 skryf Dennis Scar voorsitter van die Port Elizabeth-tak aan Allan Paton:

"... As you know I am endeavouring to start a library of court records to assist Counsel in the trials being held here in the Eastern Cape. I believe you have some money available which could be used for the purchase of these records. If this is so could you let me have say R500 for this?". Hierop antwoord Allan Paton op 14 Oktober 1965:-

"Enclosed you will find a cheque for R500. Will you please write to me acknowledging the gift and ask for your thanks to be conveyed to the Presbyterian Church in America for their help. Please indicate briefly what the money is being used for but I think we should give some more human and immediate reason than the need for Court records".

Op 27 Oktober 1965 skryf Scarr and Paton:

"... Thank you very much for the cheque. Please convey the very sincere thanks of Defence and Aid Fund, Port Elizabeth, to the Presbyterian Church in America.

We intend to use these funds solely for furthering the welfare of awaiting trial prisoners, many of whom, as you know are held for many months before appearing in Court"

Van die biblioteek is niks gevind nie - ook nie wat van die geld geword het nie.

(6) Looksmart Solwandhla Ngudle was 'n 90-dae aangehoudene en tydens aanhouding het hy selfmoord gepleeg deur homself in sy sel op te hang. Met die nadoodse ondersoek was regsverteenwoordigers vir die familie verskaf deur die "Fund". 'n Bedrag van R3004 was bestee hieraan.

Die onderstaande is 'n uittreksel uit 'n beëdigde verklaring gemaak deur Elijah Loza op 19 September 1963:-

"... Looksmart Ngudle was responsible for sending men over the borders for military training he was the regional Chief of Mkonto We Sizwe - I do not know where the money came from for their fares. Our region did not pay for it i.e. Cape Western Region of A.N.C.

As far as I remember Looksmart mentioned that his unit was responsible for the following acts of sabotage:-

- (1) Cutting of telephone cables at Nyanga Railway Station.
- (2) Cutting of telephone cables on Cape Flats.
- (3) Cutting of telephone cables in Oak Street, Cape Town.
- (4) Throwing petrol bombs into house where the delegates of Kaizer Matanzima were housed.
- (5) Cutting telephone cables between Langa and Cape Flats.
- (6) Cutting telephone cables in Chappel Street, Cape Town.
- (7) Cutting electric cables in Settlers Way.
- (8) Throwing petrol bomb at the Nyanga Administration Offices".

Met die insameling van fondse in Brittanje is gebruik gemaak van metodes wat nie anders as skokkend kan beskryf word nie. Domheer Collins is welbekend met die gebruik van "human interest" verhale wat hy so maklik kon uitbuit deur die werklike feite onjuis weer te gee.



In die saak van die Staat teen Vuyisile en andere was Vuyisile skuldig bevind aan moord en ter dood veroordeel. In 'n bedeladvertensie beweer die domheer dat Vuyisile gehang is omdat hy nie teen sy boesemvriend Wilton Mkwai wou getuig nie, maar Wilson Mkwai het toe alreeds gevlug na Basoetoland. So verwronge was die feite in "The Observer" in Londen weergegee dat hy deur Suid-Afrika Huis tereg gewys was en sy bedeladvertensie moes onttrek.

So skryf Patrick van Rensburg van Christian Action, Londen aan die "Fund" in Johannesburg op 24 April 1961:-

"... I am assuming that something is being done about Canon Collin's request for a new set of priorities and anticipating that the letter you said you are writing today (Monday) will deal with it. Can you do something further about this, incorporating the new priorities in a letter to the Editor of "The Observer". To carry on collecting we must use every trick in the book".

In Mei van 1964 skryf dr. Bill Hoffenberg toe Voorsitter van die Kaapse-tak van die Fund, uit Londen aan die Kaapse-tak:-

"An interim report from the land of the free. Have spent many hours making myself very unpopular at the Defence and Aid offices here.

1. Money. They sent £1,000 to Johannesburg on 8th May. I told them about our misunderstanding re the £750 earmarked for the Alexander trial. They have agreed to send this amount straight to C.T. More important is that their prospects look good - money is pouring in - over the past two months - largely the result of the Observer appeal. Some of this is earmarked for Rivonia, but there should be

a lot due to us. Their allocations committee only meets in about 2 weeks time, but we will get a reasonable chunk. If we don't, we must make a big fuss, as I know what they've got in (spies!). Dr. Hellman must write, and John must write, stressing that we are turning down cases, while we believe that money is available in London. Do this soon and make it string. Stress urgent need for money now - we can't wait for committee meetings. Can't they short-circuit things to make something available? Etc., etc.

They are considering (at my request) a scheme whereby they will underwrite an unspecified amount (£500?) at C.T. and JHB. so that we can get into debt to this amount and know that they will help us out.

I've used all the pressure I can. Collins is away, unfortunately, but John and Dr. Hellman must keep at them - give them details (harrowing) of cases turned down - make them up, if they don't exist! Ask Ruth Hayman to push the same line with them. Lang is doing his best, incidentally, but is himself tied down.

2. The Williams Case ... a sore point! They say that they couldn't help themselves - money and phone calls and help of all sorts poured in - what were they to do? Further, they helped him through C.A., not D. & A. which is a subsidiary. They are furious about Bloomberg, who was recommended to them by someone here. I've created a lot of fuss about this, so perhaps play it down a bit from now on.

That's about all, except that we must not turn down cases, but take on all we can and throw the expense back at them. We're in quite a strong position vis-a-vis C.A., as D & A. is wagging the whole concern at the moment and I think they need us quite badly."

Op 28 Junie 1961 skryf prof. Leo Kuper, voorsitter van die Durbanse-tak aan die "Fund" in Johannesburg:-

"... I should say that we do not have any special lawyers for the Fund, and so far as I can see one of our difficulties may be that no matter how much money we collect it will always be insufficient to meet the requests of Messrs. Arenstein & Fehler and Mr. Naicker. Personally I find it a bit frustrating to be merely a fund raising agency for two firms of lawyers".

/54...

6. Boekhouding.

Aan die firma Crafford, Du Toit en Vennote, ge-oktrooieerde Rekenmeesters van Pretoria was dit opgedra om uit die beskikbare boeke en dokumente 'n verslag voor te lê ten opsigte van die boekhouding van die "Fund". 'n Afskrif van die verslag word hierby aangeheg. Van die amptenare wat belas was met die beslaglegging op 18 Maart 1966 was die versekering verkry dat alle beskikbare dokumente oorhandig was.

Die sisteem van boekhouding wat die "Fund" gevolg het was een van ontvangste en uitbetalings. Johannesburg was veronderstel om die hoofkantoor te wees waar alle buitelandse skenkings ontvang sou word en vanwaar die verdeling na die onderskeie takke sou gemaak word. Die ander takke behalwe Johannesburg het egter baie dikwels skenkings uit die buiteland direk ontvang en dan Johannesburg net daarvan kennis gegee. Hierdie bedrae was dan in rekening gebring met die daaropvolgende toekenning van Johannesburg.

Nie een van die takke, ingesluit Johannesburg, het 'n deurlopende rekening gehou van ontvangste en uitbetalings nie. Daar was deurgaans gebruik gemaak van die balanse soos deur die onderskeie banke verstrek. Uit die boekhouding van die onderskeie takke kon dit op geen stadium bepaal word wat die totale ontvangste en uitbetalings was nie. Die bank moes die informasie verskaf of

/55...

die rekening in debiet of krediet is.

Die totale ontvangste van die "Fund" in Suid-Afrika kan dus nie bepaal word nie asook nie die uitbetalings nie. Die enigste aanduidings van ontvangste en uitbetalings word verkry uit sekere dokumente wat besonderhede verstrek vir sekere periodes. As gevolg van die gebrekkige boekhouding is hierdie syfers dan ook geensins betroubaar nie.

'n Ander groot leemte in die administrasie van die fondse is die feit dat aan niemand eintlik verantwoording moes gedoen word nie. Die fondse het die land ingestroom in duisende rand wat distribueer was aan die takke. 'n Globale syfer was dan verstrek deur die takke aan Johannesburg in party gevalle, wat 'n bedrag vir verdedigingskoste en welsynswerk aantoon. Daar was gereeld aan Christian Action Londen, rapporteer wat die beraamde uitgawes vir sekere tydperke sal beloop, maar nooit was spesifieke besonderhede verstrek van hoe die fondse gebruik is nie. Dit het 'n vrye hand aan die Administrateurs van die fondse in Suid-Afrika gegee.

Die inskrywings in die boeke van die takke was nie bygehou nie soos blyk uit die boeke waarop beslag gelê was.

Die inhoud van die brief van "Defence and Aid" , Port Elizabeth, aan Johannesburg op 8 Julie 1964 bewys die bostaande bewering:

/56...

"..... How do the financial wizards feel?

From our unkept books our past commitments are not clear. My predecessor thought we owed some people R500, but he also implied we have this in the bank which we have not ...".

Ook uit die volgende brief blyk die gebreke in die boekhouding. "Defence and Aid", Port Elizabeth aan Kaapstad, kantoor:

"..... I have a letter from Dot Clemenshaw enquiring about the costs of the above appeal (Mrwetyana) as evidently she promised to provide funds to cover it. I am rather in the dark as to how much we have already had towards this case and I wondered if you could clarify this point. As far as I can make out we have already had R120 from Mrs. Clemenshaw, 20 rand from Dr. Bromberger and an unknown amount from London University. Can you let me know what we have had then I can let Mrs. Cleminshaw know what remains to be paid".

Die Kaapstad tak skryf hierop aan "Defence and Aid" Londen, op 17 Maart 1966:-

"... Livingstone Mrwetyana. I do not know what his original sentence was ... Could you please tell us the exact amount earmarked for his trial? Port Elizabeth do not have a record of it and would like to know".

In Junie 1963 skryf D. Craighead, Voorsitter van Johannesburg-tak aan Jomheer Collins:

/57...

".... In regard to your suggestion that we advise the Society of Friends as to the amount of money received from 'Defence and Aid' London, since the Treason Trial, there is some difficulty as we do not have records of monies that have been sent direct for certain cases, nor do we have in Johannesburg full records of monies which have at times been sent to other centres".

In 'n memorandum van die "Fund" in 1963 kom die volgende onder andere voor:-

"... Because the records were not kept in a way to facilitate an analysis of all the cases handled total figures cannot be given...."

Uit die "Interim Financial Report" van die "Fund" te Johannesburg op 17 Februarie 1964 kom die volgende:

"... Tabled are the unaudited Income and Expenditure Accounts and Balance Sheets for the years ended June 30th 1962 and June 30th, 1963".

Vir die jaar eindigende 30 Junie 1965 was die "Fund" se inkomste R68,321.00 waarvan R32,000 van "Defence and Aid", Londen, gekom het en R4621.00 plaaslik ge-in was. Die balans het van ander instansies vanaf die buiteland gekom.

Die Kleinkas Boek van die Kaapse tak was net tot 11 November 1965 opgeskryf sonder dat Novembermaand behoorlik afgesluit was. Daar was ongetwyfeld nog uitbetalings maar geen inskrywings was gedoen nie. Die Johannesburg tak se kasboek is opgeskryf tot gedeelte

Oktober 1965 en alhoewel baie uitbetalings daarna gedoen is, is dit nie aangeteken nie. Vanaf Julie 1965 is geen maand se inskrywings behoorlik afgereken nie. Vir die bedrae ontvang vanaf "Defence and Aid", Londen, en in Suid-Afrika ge-in was behoorlike kwitansies uitgereik. Ten opsigte van die ander bedrae is in party gevalle kwitansies uitgereik, maar in baie gevalle is die ontvangs net per brief erken. Of die bedrae almal behoorlik in rekening gebring was kon nie vasgestel word nie.

Domheer Collins was op verskeie geleenthede versoek om alle aansoeke om hulp uit Suid-Afrika na die "Fund" in Suid-Afrika te verwys. Nieteenstaande die versoeke het domheer Collins op baie geleenthede geld direk aan die aplikante of prokureurs versend.

Enkele gevalle is die volgende:

- (a) 'n Bedrag van R1997.50 word deur Christian Action direk aan prokureurs Ress, Richman & Co. Kaapstad gestuur vir die Alexander appèlsaak.
- (b) R500 direk na prokureurs in Kaapstad vir Isaac & Others saak.
- (c) 'n Bedrag van R1397.75 is direk oorbetaal aan Ruth Hayman vir die Harris saak.
- (d) Die Rivonia verhoor het die "Fund" R34,000 gekos. Christian Action wat aanspreeklikheid aanvaar het vir die verdedigingskoste het dit voorsien deur dit direk aan prokureur Joel Joffe te versend.



- (e) Aan prokureur J.N. Singh van Durban is 'n bedrag van R1,000 direk gestuur.
- (f) Aan prokureurs Joach en Jankelewitz van Port Elizabeth is R1,000 direk gestuur.
- (g) Aan prokureur H. Festenstein van Johannesburg is R1,156 direk gestuur.
- (h) Benjamin J. Bottenwiser van Amerika het op 17 Januarie 1964 500 dollars direk aan Leo Marquard, van die "Fund", Kaapstad, gestuur.
- (i) George M. Hauser van Amerika het op 6 Februarie 1964, 500 dollars aan dr. E. Helman van die "Fund" in Johannesburg gestuur.

In bogenoemde gevalle is daar geen kontrole oor die geld wat op die wyses ontvang is nie. Die bewering wil geensins gemaak word dat enige van die geld verduister is nie, maar die beheer en te boekstelling was so onbevredigend dat baie onreëlmatighede gepleeg kon word het.

Daar was deur die "Fund" ook nie afsonderlike rekeninge gehou van prokureurs aan wie voorskotte gemaak was nie. As 'n prokureur sy beraming voorgelê het was die bedrag of ten dele of ten volle aan hom betaal mits die fondse in die bank beskikbaar was.

Met die aansoek van die "Fund" in 1961 om as Welsynsorganisasie registreer te word meld die Registrateur van Welsynorganisasies in 'n brief aan die "Fund" die volgende:

/60...

".... The auditor of the statements states that he only examined some records. Kindly advise me why all records were not made available to the auditor. He also states that he has not been able to verify the items of income and expenditure beyond checking them with Bank statements for the period and examining some paid cheques and vouchers submitted. He also states that no records from branches were available, and accordingly the payments shown merely represent the amounts advanced to the branches shown from the head office account. It will be appreciated if further information concerning the amounts advanced to branches can be furnished".

Dit is duidelik dat reg van die begin af was geen behoorlike kontrole oor die spandering uitgeoefen nie.

Selfs in Engeland was dit deur die pers aan domheer Collins gevra om volledige state te publiseer in verband met die invorderings vir "Defence and Aid", Londen. Dit was beweer dat R600,000 alreeds gevorder was en dat die geld gebruik was vir doeleindes andersins as aangedui. Een van die doelstellings was "to aid victims of unjust legislation, oppressive and arbitrary procedures". Die skrywer gaan voort:

"... The advertisement portrayed the case of a man who was convicted of murder and whose appeal was dismissed ... There was the case of the Williams family in April 64, when Christian Action collected £2000, to aid the case of a 'victim of apartheid'. Their own representative i.e. 'Defence and Aid' in South Africa said there

/61...

was nothing political about the Williams' affair and neither the Williams family nor I would be associated with any attempt to distort the facts of this matter and reflect adversely on South-Africa".

Uit die wyse waarop die boekhouding gedoen was is dit duidelik dat verskeie aspekte van die doen en late van die "Fund" nie kan omskryf en bepaal word nie, naamlik:

- (1) Dit is onmoontlik om te bepaal of al die geld deur die "Fund" ontvang in berekening gebring is.
- (2) Dit is onmoontlik om te bepaal of die gelde wat beslag op gelê was al die beskikbare fondse van die "Fund" verteenwoordig.
- (3) Die eise wat teen die "Fund" ingestel is vir verdediging van sake kan nie behoorlik kontroleer word nie. Daar kon nog krediete bestaan het by die prokureurs waarvan net die prokureurs bewus was veral gesien in die lig van die boekhouding wat gestaak was na Oktober/November 1965. Sien ook opmerking van rekenmeestersverslag - paragraaf 5 op bladsy 2.

So vroeg as 1960 het domheer Collins al die vrees uitgespreek dat "Defence and Aid" geld moontlik beslag op gelê kan word in Suid-Afrika en het dus die grootste gedeelte geld in Brittanje gehou vanwaar periodiek geld gestuur was na Suid-Afrika.

/62...

7. Skeiding van "Defence and Aid", Naamsverandering en Verskuiwing van Hoofkantoor.

Vanaf die totstandkoming van die "Fund" in Suid-Afrika het dit welsynswerk tesame met die verdediging van politieke oortreders onderneem. Met die fondse was egter so rojaal gewerk dat daar kronies 'n tekort was om al die verpligtinge na te kom. Dit was dan al in 1961 deur Komiteelede gevoel dat die "Fund" hom meer moet toelê op verdediging van politieke oortreders as op welsynswerk.

Die Johannesburg-tak het hierop vir "Christian Action" in Londen laat weet dat dit die gevoel is en dat indien geld beskikbaar gestel word dit lefs vir verdediging moet gebruik word. "Christian Action" het egter laat weet dat indien geen welsynswerk verrig word deur die "Fund" in Suid-Afrika nie, invorderings bitter moeilik in Brittanje sal wees. Desnieteenstaande het die "Fund" al minder welsynswerk gedoen totdat in 1963 dit geheel en al gestaak was. Verskeie bedrae geld was aan ander organisasies betaal om met welsynswerk voort te gaan. So is in 1961, R500 betaal aan die Quakers vir welsynswerk.

Op 20 November 1963 skryf die Johannesburg-tak aan Kaapstad-tak:

"... It seems to me a much better idea for the welfare side to be handled separately from the Defence side. Here we do not handle welfare at all at present, as it is handled here by the Quakers".

En op 28 Augustus 1964 skryf Johannesburg weer aan Kaapstad:

"... It now seems to me that one of the main purposes of the conference would be (talking on the welfare side only) to try to establish similar machinery in other centres e.g. Durban and East London where it apparently

is not working ... to me it seems that legal defence and welfare will - and probably should be dealt with separately as you do in Cape Town and as we, in fact, do in Johannesburg".

Op 6 November 1964 versoek domheer Collins, mnr. D. Craighead van die Johannesburg-tak om "defence " and "aid" te skei. Hierop het Craighead geantwoord dat dit alreeds gedoen word en dat 'n organisasie gestig is wat alleenlik welsynwerk sou doen. Die volgende lede is benoem: Dr. Oscar Wolheim, voorsitter van S.A.B.R.A., Eerw. Brown, Sekretaris van S.A.B.R.A., en mnr. Barron van die Quakers. Die Hoofbron van inkomste sou wees "World Council of Churches" en "Oxford Famine and Relief Fund". Die organisasie sou bekend staan as "Christian Council of South Africa".

Op 1 Augustus 1965 was 'n nasionale vergadering gehou te Kaapstad waarby Johannesburg, Durban en Port Elizabeth verteenwoordig was. Die volgende besluite was onder andere, geneem:

"1. It was resolved that because the aims of the Defence and Aid Fund in South Africa differs from the aims of the Defence and Aid in London, the former will henceforward be named 'The South African Defence and Aid Fund'. Letterheads and banking accounts are to be changed accordingly".

2. It was agreed that the sole purpose of the South African Defence and Aid Fund is to provide defence.

3. It was agreed that a central office of the Fund should be retained to receive funds and to distribute them to all the branches.

4. It was resolved that the National Headquarters should be removed from Johannesburg to Cape Town.

Headquarters are to be transferred by either 16th or the 31st of August.

5. It was resolved that all branches are to have their books audited up till the 30th June, 1965.

6. It was agreed that Cape Town and Johannesburg committees should continue without electing a chairman.

7. It was agreed that the Constitution is not to be changed until legal opinion has been taken".

Dit was as gevolg van inperkingsbevele op Komiteelede dat Johannesburg en Kaapstad takke sonder voorsitters was. Veral die Johannesburg-komitee was gevoelig getref deur inperkings en lede wat vertrek het uit die gebied.

So skryf Ruth Hayman een van die oorgeblewene komitee-lede van Johannesburg aan die Kaapse-tak op 24 Februarie 1966:

"... It is with great sadness that I write to inform you and your Committee that at a meeting held last Monday, the Johannesburg Committee took a decision to dissolve itself with immediate effect".

Ten einde uitvoering te gee aan die besluite van die nasionale vergadering gehou op 1 Augustus 1965 te Kaapstad skryf die sekretaresse van die Kaapse-tak aan die bank waar hulle rekening gehou was:

"... The South African Defence and Aid Fund was up till the 1st August, 1965, named the Defence and Aid Fund".

Voornoemde brief het die opdrag bevat dat alle tjeks en bankoordragte wat in die naam van "Defence and Aid Fund" uitgemaak was voortaan gekrediteer moet word teen

die rekening "South African Defence and Aid Fund" en die brief het afgesluit met:

"The South African Defence and Aid Fund, the Defence and Aid Fund and Defence and Aid are all one and the same organisation".

Selfs na Augustus 1965 is die benaming "South African Defence and Aid Fund" nie konsekwent gebruik nie. In briewe tussen takke en selfs met en van "Defence and Aid" in Londen word die benaming "Defence and Aid" baie dikwels gebruik.

Die bewering dus dat proklamasie No. R.77 van 18 Maart 1966 nie na "The South African Defence and Aid Fund" verwys nie, was heeltemal ongegrond.

Aan die besluit dat die hoofkantoor na Kaapstad moes verskuif word is ook gehoor gegee. Ruth Hayman en Hannah Jaff, twee van die Komiteelede van Johannesburg het die werk daar voortgesit.

/66...

8. Verwante Organisasies in Suid-Afrika.

Dit is opvallend hoeveel ander organisasies in Suid-Afrika met die "Fund" geskakel het. Nie alleen het die ander organisasies fondse van die "Fund" bekom nie, maar dikwels het hulle ook hul gewig ingegooi by die "Fund" om politieke oortreders te laat verdedig of te laat help verdedig.

Die doelstellings van die organisasies het baie punte van ooreenkoms gehad met die van die "Fund" en die deurslaggewende faktor was altyd - die verdediging van politieke oortreders en die omsien na die families.

Die ontstaan van baie van die organisasies kan nie bepaal word nie en dit is duidelik dat van die organisasies vandag nog met sommige doelstellinge van die "Fund" voortgaan. Onder andere, het die volgende organisasies na vore getree tydens die bestaan van die "Fund":

(1) Human Rights Welfare Committee.

Op 10 Februarie 1961 het die "Fund" te Johannesburg 'n bedrag van R600 geskenk aan die organisasie waarvan Helen Joseph toe die sekretaresse was en op 2 April 1962 was 'n verdere bedrag van R100 deur die "Fund" geskenk. Die fondse was geskenk vir hulp aan bannelinge.

Later in 1962 het die organisasie weer om hulp aangeklop by die "Fund" en was die volgende antwoord verstrekk:

"... as far as it is within the capacity of the Defence and Aid Fund we shall endeavour to provide assistance in obtaining legal advice and guidance ... the assistance we render could not be extended in cases where the legal problems are not a consequence of banishment".

Op 21 Januarie 1963 het die Uitvoerende Komitee van die "Fund" te Johannesburg besluit om R200 per maand



vir die volgende drie maande aan die organisasie te betaal.

Op 25 Januarie 1963 skryf Collins aan A. Nepple, Voorsitter van Johannesburg-tak van die "Fund":

"... We have had a telephone call ... telling us that the Human Rights Committee for banished people are very urgently in need of money. I am therefore sending you by cable £100, as a token of our concern and goodwill ...".

(ii) Suid-Afrikaanse Instituut vir Rasse Verhoudings (S.A.I.R.V)

Hierdie organisasie is welbekend in Suid-Afrika. Met die besluit van die "Fund" om geen welsynswerk meer te doen nie het S.A.I.R.V. en die "Christian Council of South Africa" onderneem om al die welsynswerk in Kaapstad oor te neem. Die vernaamste bron van inkomste van S.A.I.R.V. was die "World Council of Churches" en "Oxford Famine Relief Fund".

Op 10 Desember 1962 skryf S.A.I.R.V. aan die "Fund" te Kaapstad as volg:

"... I should like to appeal for assistance to help pay the costs of presenting evidence and watching the interests of Africans before the judicial Commission of Enquiry into the causes of the Paarl Riot on 22nd November, 1962. It is extremely important that the underlying causes of unrest be brought to light and for this purpose it is necessary that legal representation should be available particularly as the Police and the Paarl Municipality are being legally represented".

Die "Fund" het 'n bedrag van R800 bygedra.

Op 18 Desember 1964 skryf S.A.I.R.V. aan D. Craig-head, voorsitter van Johannesburg-tak van die "Fund":

"... I enclose a cheque for the sum of R1383.00 for Defence and Aid. The sum of R2000.00 was sent to Port

Elizabeth Defence and Aid and a further cheque of R500".

Op 24 Augustus 1965 skryf S.A.I.R.V. weer aan Johannesburg-tak van die "Fund":

"... Thank you for your letter of the 17th August, in which you advised us of your intention of arranging to send \$1000 from the American Committee on Africa to us ...".

Uit die notules van 'n Spesiale Vergadering van die Durban-tak van die "Fund" blyk die volgende:

"... Money had come from Canon Collins and Trade Unions; there was now about R5000.00 in hand and Race Relations had been given R2500.00 for defence which it was hoped they would hand over. World Council had promised to raise a further sum - our chairman undertook to write and ask that money be sent through proper channels".

Nadat die "American Committee on Africa" die "Fund" in kennis gestel het dat hulle voornemens is om 'n bedrag van \$1000 aan "Defence and Aid" te skenk vir "prison education" het laasgencemde as volg terug rapporteer:

"... Unfortunately, the South African Defence and Aid Fund has recently taken a decision that monies for purposes other than defence should be sent to a Co-ordinating Committee, c/o S.A. Institute of Race Relations that this money is earmarked for education and can be sent to Miss Hayman.

Uit korrespondensie blyk dit dat daar op 11 Augustus 1965 'n bedrag van R154.00 aan S.A.I.R.V. oorbetaal is deur die "Fund".

(iii) Nasionale Unie van Suid-Afrikaanse Studente, (N.U.S.A.S.).

Ook hierdie organisasie is welbekend in Suid-Afrika en lidmaatskap is beperk tot studente aan plaaslike universiteite. Dit wil egter voorkom of die bedrywighede

van die organisasie nie beperk is tot akademiese aangeleenthede nie soos blyk uit die volgende briewe:-

Op 11 November 1964 skryf die prokureurs-firma Hayman and Aronsohn aan die "Fund" te Johannesburg:

"We beg to advise you that several weeks ago we were instructed by N.U.S.A.S. to act on behalf of these persons (Choabe, Gawe and Saule) who were until recently 90-day detainees in East London. On the 26th October, 1964, these persons were charged under the Suppression of Communism Act, ... We understand from N.U.S.A.S. that they are in a position to provide certain of the funds for the defence of these persons but obviously they will not be able to cover all the fees involved. We therefore make formal application to your committee to handle these matters and to provide such funds for the legal defence of these persons as cannot be met by N.U.S.A.S.--- We have now been advised by N.U.S.A.S. that there are four other students or former students who are being detained in East London, and we have been requested to act for these persons. Their names are: H. Kani, E. Dhlala, Paul Modiba, Stanley Mabizela ... We wish to make formal application for the assistance of Defence and Aid for these persons on the basis that N.U.S.A.S. will be able to provide portion of the fees".

Op 21 Augustus 1965 was die volgende versoek van n Grahamstadse lid van N.U.S.A.S. aan die "Fund" te Port Elizabeth gerig:

"...As the Director of Publications on the Rhodes N.U.S.A.S. local committee, I am interested in publishing a Fact Sheet on Defence and Aid ... one of your staff could help us in this respect by writing an article of between 1000 and 1200 words on Defence and Aid dealing in particular

with:

1. Where Defence and Aid gets its money.
2. N.U.S.A.S. involvement.
3. The number of political prisoners in South Africa, and the number in Eastern Cape.
4. Difficulties facing Defence and Aid".

Op 26 Augustus 1965 het die President van N.U.S.A.S. aan die "Fund" die volgende mededeling gedoen:

"... The following resolution adopted at our recent Student Assembly to you for your information ...".

"That this Student Assembly, noting that useful contact has been maintained between N.U.S.A.S. and the South African Defence and Aid, during the past year, expresses the hope that this will continue in the future, notes the attacks made - upon the South African Defence and Aid Fund during the past year and regards these unfounded, and expresses its support for the South African Defence and Aid".

Op 22 Oktober 1965 skryf die sekretaresse van die "Fund" te Port Elizabeth aan N.U.S.A.S. Grahamstad:

"... I have recently become Secretary of this organisation and one of the projects Mr. Scarr (Voorsitter, Port Elizabeth-tak) has asked me to take over is the article on Defence and Aid aims and objectives. I agree with you that it is very important for N.U.S.A.S. to know as much as possible about Defence and Aid and I have prepared an article under the headings you requested. One thing puzzles me and that is the heading 'Nusas Involvement'. This surely you would know more about than I would and all the information I have included about this is taken from correspondence received from Cape Town University.

If you mean what role should N.U.S.A.S. play in aiding Defence and Aid with its objectives, this again I feel is up to you not to me to suggest".

Die Universiteit van die Witwatersrand het R200 betaal ten opsigte van borg vir ene John Mokene 'n politieke oortreder. Hy het die land uitgevlug en die borgtog is verbeur. Die vermoede bestaan dat die R200 eintlik betaal is deur N.U.S.A.S.

(iv) 90 Day Protest Committee (Kaapstad).

Hierdie organisasie het funksioneer tydens die geldigheid van die 90-dae aanhoudingsklousule onder voorsitterskap van J. Hamilton Russel. Na die herroeping van die 90-dae klousule het die organisasie ophou bestaan en terselfdertyd 'n bedrag van R1534.50 aan die "Fund" oorbetaal.

(v) Community of the Resurrection - Alice, Cape.

(vi) The Pretoria Action Council for Human Rights (A.B.A. Brink, P.O. Box 1291, Pretoria).

(vii) National Committee for Liberation, for sabotage for political purposes. Rubin was die toonaangewende persoon in die organisasie maar het die land uitgevlug in 1963. Die "Fund" het Sedrich Isaacs, Achmed Cassem en James March verdedig wat Matroosfontein Poskantoor en sub-stasie op de Waal rylaan saboteer het. Hulle was lede van die organisasie.

(viii) Detainees Relief Fund (Durban).

Voordat die "Defence and Aid Fund" behoorlik funksioneer het in Durban was dié organisasie aldaar in werking. Met die "Defence and Aid Fund" se inwerkingtreding het hierdie organisasie verdwyn en was R634.42 aan die "Fund" oorbetaal.

(ix) African Relief Fund, Johannesburg.

Hierdie organisasie was beperk tot Johannesburg en omgewing. Die doelstellings was:

"1. To raise funds by donations, parties, concerts, membership fees, collections and grants with a view to assist children in need of care, families in poverty and individuals who are dependants of breadwinners arrested and convicted or killed as a result of political strife.

2. Membership shall be open to all people of African origin by payment of an annual membership of 10/-. Life members will pay £5. No person will serve on the Committee unless his membership fee is paid.

(x) Dependants Conference, Kaapstad.

Met die besluit van die "Fund" om na 1963 geen welsynswerk meer te doen nie, het daar veral in Kaapstad verskeie organisasies ontstaan wat die welsynswerk wou voortsit. Daar was nie minder as sestiensulke liggame waaronder "Dependant's Conference", "Dependant's Committee", "National Co-ordinating Committee", "Social Services, Cape Town", "Society of Friends", "National Welfare Committee", "Black Sash" en "Quakers".

Omdat daar dikwels oorvleueling was, was 'n vergadering byeengeroep in Augustus 1964 om 'n poging aan te wend om die verskillende organisasies te laat amalgameer. Onderlinge geskille en wantroue het dit laat misluk. Tog was weekliks 'n vergadering gehou met verteenwoordigers van drie verskillende liggame.

Die "Dependants Conference" bestaan vandag nog, en gedurende die jare 1964 en 1965 was 'n bedrag van R20,000 ontvang vanaf die "Defence and Aid International".

(xi) Die Liberale Party.

Dit is opvallend hoeveel van die lede van die Liberale Party as lede van die Uitvoerende Komitee van die "Fund" opgetree het. Vergaderings van beide die Liberale Party en die "Fund" was ook gereël om saam te val. Die Liberale Party het ook in die optrede van die "Fund" 'n gulde geleentheid gesien om hulle doelstellings te bevorder met rassegelykheid. Die volgende persone het prominent na vore getree in beide organisasies:

Peter Hjul, David Craighead, Alan Paton, John Laredo, Ruth Hayman, Alex Hepple.

Aanvanklik was daar probleme met die stigting van 'n tak van die "Fund" te Oos-Londen. Op 13 Junie 1960 besluit die Liberale Party te Oos-Londen om 'n Komitee te stig om "Defence and Aid" werksaamhede aldaar voort te sit.

Beide David Craighead en Ruth Hayman was ondertekenaars vir die "Multi Racial Conference of South Africa" en by die geleentheid was 'n tjek aangebied aan die Liberale Party wat onderteken was deur beide Craighead en Hayman.

(xii) State of Emergency Relief Fund. (S.E.R.F.).

Hierdie organisasie was in die lewe geroep tydens die noodtoestand van 1960 en direk na Sharpville gebeur. In 'n verslag deur die organisasie word die volgende opgemerk:

"... Defence and Aid: The experience of S.E.R.F. emphasises the need for a permanent organisation of this type in the Western Cape. Our offices and organisation are already well known among the people in this area ... at the October meeting of the committee it was agreed in principle that S.E.R.F. should be wound up by the end of November and replaced by a Western Cape Branch or Division of the

Defence and Aid Fund. The office-bearers of S.E.R.F. have been instructed by the Committee to start negotiations with the Defence and Aid Fund in Johannesburg ...".

Op 19 Desember 1960 skryf Peter Hjul aan "Defence and Aid", Johannesburg, dat S.E.R.F. in Kaapstad ontbind het en dat al die bates van S.E.R.F. oorgegaan het op die "Cape Division of the Defence and Aid Fund". Verder dat die eertydse bestuurskomitee van S.E.R.F. aanvaar het om te dien op "Defence and Aid", Kaapstad.

Aan die end van 1960 was 'n bedrag van R300,000 deur S.E.R.F. spandeer en was nog R60,000 benodig om die uitstaande ondernemings te finaliseer.

Die feit dat die organisasie S.E.R.F. al die beskuldigdes, aangehoudenes en die families so goed versorg het was die stimulus agter die leiers van die verbanne organisasies om tot gewelddadige optredes oor te gaan. As gevolg hiervan het die Sabotasiewet gevolg om die gewelddadige optredes die hoof te bied.

In Kaapstad onder andere het S.E.R.F. ook verdediging van beskuldigdes onderneem afgesien van hulle welsynswerk. In Julie 1960 was 'n bedrag van R750 aan S.E.R.F. geskenk deur die Aartsbiskop van Kaapstad en later was 'n bedrag van R500 deur "Defence and Aid", Johannesburg aan S.E.R.F. Kaapstad geskenk.

Gedurende 1960 is 'n bedrag van R2800,00 aan S.E.R.F. deur die "Fund" betaal.

(xiii) Religious Society of Friends (Quakers).

Hierdie is 'n ou welbekende organisasie wat welsynswerk verrig. Of hulle altyd beperk is tot welsynswerk is nie so duidelik nie.

Uit briewe van die Quaker organisasie aan die "Fund" blyk dit dat hulle 'n bedrag geld gevorder het en



aan die "Fund" oorbetaal het vir verdediging van 'n politieke oortreder, John Hlekani wat verhoor was op 4 Desember 1963.

In 'n verslag vir 1961 het die "Quaker Service" hulle as volg uitgelaat:

"... Discussions were held with Defence and Aid Fund who were already experiencing some difficulty in providing sufficient welfare funds for the regular support of families dependent on men then imprisoned for political offences ... Quaker Services agreed to take over some of these families completely and to assist with the problem-solving and workseeking aspects of the welfare work for these and those remaining in Defence and Aid".

Op 9 September 1963 skryf Dr. Ellen Helmann van die Johannesburgse-tak van die "Fund" aan die Durbanse-tak:

"... I had a longish talk with Miss Gibson about welfare. In Johannesburg the position is that all welfare is done by Quakers Service, which does not, of course, confine itself to Defence and Aid cases. We give them (i.e. Quakers service) certain grants of money. We have as you likewise have, to be careful not to overstep our function which is to give compensation to people who are in difficulties by reason of the curtailment of the civil rights. Otherwise there is always the possibility of coming within the confines of the Welfare Organisation Act ...".

(xiv) Treason Trial Defence Fund (T.T.D.F.).

Hierdie fonds was in die lewe geroep met die begin van die hoogverraadsaak in 1956. Met die afhandeling van die saak in 1960 het die fonds voortbestaan omdat die fonds gereken het dat sekere welsynswerk nog aandag verg.

/76...

Die fonds het nog fungeer met die totstandkoming van die "Defence and Aid Fund" en vir 'n rukkie het die twee saam opgetree.

So skryf die Kaapse-tak aan Johannesburg-tak van die "Fund" op 29 September 1961.

"... We have had discussions with members of the Treason Trial Fund - Raising Committee who have agreed to co-operate with us in fund-raising in the future, and I have been asked by the Executive Committee to write to you about this. We would like to know whether or not steps have been taken on a national level to amalgamate the two funds, or rather, their fund raising ...

"In smaller fund raising events, such as rummage sales, parties, and so on, I assume we would keep whatever we manage to raise but T.T.D.F. raise funds on a far larger scale. They cannot, of course, raise funds for us under their Welfare Registration, but their committee is willing to form itself into a Defence and Aid Fund-raising committee, subject to the decision of our Management Committee....".

Op 'n Uitvoerende Komitee Vergadering van die Johannesburg-tak van "Defence and Aid" lees die notules onder andere:

"... It was decided that the Treason Trial Defence Fund was now in a position to repay the R500 loan to Defence and Aid".

Op 10 Julie 1963 skryf die Johannesburg-tak van die "Fund" aan Port Elizabeth-tak:

"... will you please instruct the Standard Bank of South Africa to transfer the balance standing to the credit of the Treason Trial Defence Fund, to our account ...".

Op 30 Desember 1963 skryf Johannesburg-tak van

die "Fund" aan Johannesburg T.T.D.F.: -

"... To your share of rent, telephone etc. for period October 1961 to December 1963 i.e. 27 months @ R6.00 per month ... R162.00.

To clerical assistance, postage, and other service rendered during the period July, 1961 to December, 1963 i.e. 30 months @ R30.00 per month ... R900.00.  
Total - R1062.00."

Op 22 Januarie 1964 skryf Johannesburg-tak van die "Fund" aan Johannesburg T.T.D.F.: -

"... This serves to place on record that the Defence and Aid Fund agrees to accept the amount of R994.21 in full payment of the account for R1062.00 submitted to you for services and facilities supplied. We acknowledge receipt of the amount of R602.00 paid to us in September and will be glad to have your further cheque for R392.21 in full and final settlement ...".

(xv) South African Congress of Trade Unions (S.A.C.T.U.).

Op 16 November 1961 het S.A.C.T.U. per brief die "Fund" bedank vir 'n bedrag van R100. Hierdie bedrag is vir die volgende doeleindes aangewend:

"... (a) R60.00 has been paid to ... as part payment for extremely heavy legal expenses in connection with the strike case at the Natal Dairies ...".

... R40 has been used to refund a loan in connection with legal expenses incurred in the strike case of the workers at the Klipfontein Organic Products ...".

S.A.C.T.U. het hulle ook as volg uitgelaat:

"... We are still anxious to have a meeting with representatives of your Committee and the members of our Management Committee for discussion of the type of cases

your fund handles ...".

Op versoek van S.A.C.T.U. het die "Fund" op 25 September 1962 'n bedrag van R60.00 aan 'n prokureurs-firma te Kimberley betaal. Hierdie uitstaande bedrag was verskuldig nadat ses lede van die "African General Workers Union", Kimberley, daaraan skuldig bevind is dat hulle 'n reservaat sonder toestemming binne gegaan het.

(xvi) Congress of Democrats (C.O.D.).

Hierdie organisasie het tot stand gekom met die uitsluitlike doel om na politieke oortreders en hulle naasbestandes om te sien. Die beleid van die organisasie het egter so radikaal verander dat dit op 7 September 1962 tot 'n verbode organisasie verklaar is.

So skryf die Sekretaresse van die Kaapse-tak van die "Fund" aan die Johannesburgse-tak op 17 November 1961:-

"... I have been approached by some C.O.D. members who are anxious to obtain information on the Pondoland cases ... the main points are:

- (a) which cases are being assisted by Defence and Aid (or Christian Action)?
- (b) which cases are not being assisted owing to lack of funds?
- (c) who are in these cases that have no defence (and what are the charges)?
- (d) could suitable defence be provided if funds were found to assist these cases?

I gained the impression that funds might be raised, or might already be available, but that no one down here knows where the money should go and who needs it ... I myself feel if we could supply the information some

money might be forthcoming.

Gedurende 1961 het geweld en onluste hoogty gevier in Pondoland en omdat die "Fund" op die tydstip nog nie sake van geweld en sabotasie wou verdedig nie, wou die C.O.D. in die bresse tree vir beskuldigdes in Pondoland wat wel sake van geweld en sabotasie gepleeg het.

Dit is duidelik dat fondse reeds by die C.O.D. organisasie beskikbaar was indien daarom gevra sou word - een van die beweegredes waarskynlik waarom die "Fund" later besluit het om wel sake van geweld en sabotasie te verdedig.

Op 29 November 1961 skryf Durbanse-tak aan Johannesburgse-tak van die "Fund":

"... but we feel you should be informed that our Chairman raised with Mr. Arenstein the question of fees, as he felt that the organisation to which the accused belonged should if possible meet the costs, and Mr. Arenstein agreed that the Congress of Democrats would in fact meet the costs". (Pondoland Incitement Trial).

Helen Joseph 'n stigterslid van C.O.D. was baie bedrywig in hierdie organisasie. As lid van die "South African League of Women", 'n hoogverraad beskuldigde, aangehoudene tydens die noodtoestand en eerste vrou wat onder huisarres geplaas was, kon sy respek afdwing by haar enersdenkendes. Die "Fund" wat haar op die huisarres saak verdedig het, het ook verskeie advokaats-opinies bekom alvorens met die saak begin was.

(xvii) The Christian Council of South Africa (C.C. of S.A.).

Op 15 Desember 1961 skryf A. Blaxall, ere-tesourier van C.C. of S.A. aan die "Fund" te Johannesburg:

"... herewith cheque for R1581.05 which represents

/Rn

the balance of a fund held by this council from the time of the 1960 Emergency.

At our Executive Meeting this week, it was resolved to pass this balance to the Defence and Aid Fund ... the original grant which made it possible for this Council to hold an Emergency Fund, came from the Inter Church Aid Department of the World Council of Churches".

Op 14 November 1963 skryf Basil Brown die sekretaris van "Christian Council of South Africa" aan Johannesburgse-tak van die "Fund" dat die volgende skenkings reeds aan "Defence and Aid" deur "Christian Council of South Africa" gemaak was;

R3,000.00 aan Port Elizabeth

R1,000.00 aan Durban.

R1,000.00 aan Kaapstad.

R200.00 aan Oos-Londen.

Op 26 Mei 1964 verwittig die "Christian Council of South Africa", die "Fund" te Johannesburg dat 'n bedrag van \$1,000 ten behoewe van die "Defence and Aid" ontvang is van dr. Z.K. Matthews, Africa Secretary, Division of Inter Church Aid, Refugee and World Service" van die "World Council of Churches". 'n Verdere bedrag van \$7,000 was deur laasgenoemde belowe.

(xviii) South West Africa National Union (S.W.A.N.U.).

Gedurende September 1962 het hierdie organisasie die "Fund" te Kaapstad genader vir finansiële hulp en steun vir sake wat in Suidwes-Afrika teen politieke oortreders aanhangig gemaak is. "Defence and Aid" het egter nooit baie aktief opgetree in Suidwes-Afrika nie behalwe in die saak van dr. Abrahams waarop die "Fund" R330.00 spandeer het.

(xix) Black Sash.

Hierdie organisasie is in die lewe geroep in 1955 met die promulgering van die Senaatswet van daardie jaar.

Behalwe dat hierdie organisasie ook welsynswerk verrig het wat deur die "Fund" na hulle verwys is, het dit geen noemenswaardige rol gespeel in die bestaan van die "Fund" nie. Die "Black Sash" organisasie het baie nou saamgewerk met die "Christian Council for Social Action" en die "Fund" se sekretaresse in Kaapstad was ook 'n veldwerker van "Black Sash".

Uit die Uitvoerende Komitee Vergadering van Kaapstad kom die volgende: (22.9.65).

"... The Fund was asked by the Institute of Race Relations whether R200 of the donation made by the Fund towards the Paarl Riot Commission could be used for legal costs incurred by the Athlone Advice Office (Black Sash). This was agreed to by the Committee".

(xx) Christian Council for Social Action.

Op 12 Augustus 1964 skryf Denis Scarr, voorsitter van die "Fund" tak te Port Elizabeth aan Kaapse-tak:

"... Until November last year the Defence and Aid Fund operated as the name implied, i.e. handling both defence and aid. The Christian Council of South Africa (through Basil Brown) presented the local Christian Council for Social Action with R2,000 to be used for aid only. Following discussions between the Christian Council for Social Action and Defence and Aid it was agreed to set up a sub-committee of the former to handle the 'aid-side' of Defence and Aid and the position is thus similar to that in Cape Town. As I was chairman of this sub-committee,  
/82...

I now find myself running both organisations".

Op 2 April 1965 skryf Sheila Penny, Sekretaresse van die Port Elizabethse-tak van die "Fund" aan B. Mellor, Amnesty International, Londen die volgende:

"... There are two parallel organisations in South Africa working for the dependents of political prisoners and those awaiting trial ... The first named, Christian Council for Social Action, handles aid only in that they pay the house rent of the dependents, distribute food to them and clothing and help explain the complex laws of the country to them and give advice wherever possible and whatever aid we can. The Defence and Aid Fund handles the legal aspect ... I am secretary of both organisations in Port Elizabeth".

(xxi) Die Kommunistiese Party van Suid-Afrika, die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party.

Alhoewel beide hierdie organisasies al geruime tyd in die ban gedoen was tog het hulle nog ondergronds opgetree en in verskeie aangeleenthede hulleself manifesteer.

Die Britse "Defence and Aid Fund" van "Christian Action" maak deel uit van 'n netwerk van ekstremistiese en ineengestremgelde organisasies in Brittanje wat berug is vanweë die vuur waarmee hulle Suid-Afrika beveg. Hierdie organisasies word ondersteun deur die Kommunistiese Party en het in sommige gevalle ampsdraers wat vooraanstaande Kommuniste is. Die "Defence and Aid Fund" in Suid-Afrika was deur die Kommuniste ondersteun en het sy fondse beskikbaar gestel aan die "African National Congress" en die Kommunistiese Party- twee ondermynende organisasies wat kragtens wet in Suid-Afrika verbode organisasies was.

Enkele van die organisasies in Brittanje wat deur die Kommunistiese Party gesteun word en bydraes gemaak



het aan "Defence and Aid", Londen, is die volgende:

1. "Movement for Colonial Freedom".
2. "Anti-Apartheid Movement".
3. "Africa Bureau" (Stigter Michael Scott).
4. "World Campaign for the Release of South African Political Prisoners".
5. "The African Communist". Dit is 'n nuusblad wat die steun van "World Campaign for the Release of South African Political Prisoners" geniet.

Bekende Kommuniste soos Vella Pillay, Rosalynde Ainslee, Abdul Minty, Ronald Segal, Raymond Kunene en Tony O'Dowd dien op die bestuur van die "Anti-Apartheid Movement" wat verbind is met "Christian Action" en die steun geniet van die Britse Kommunistiese Party.

Die nou verband van die Kommunistiese Party in Suid-Afrika en die "Fund" blyk uit die volgende beëdigde verklaring van Bartholomeus Moro Hlapane 'n Bantoelid van die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party:

"... The Defence and Aid Fund which was at this junction already in existence, was extensively used for the purposes of the South African Communist Party. In turn cash advances towards the fund were made by the South African Communist Party. Who the persons were that served on this Fund's Committee I do not know, except that Rica Hodgson who was in fact a member of the Communist Party was also serving on this Fund's Committee".

Hierdie verklaring was gemaak op 1ste Oktober 1964.

Na die gewraakte toespraak van Domheer Collins by die V.V.O. was "Defence and Aid", Londen as 'n goedgekeurde agentskap van die V.V.O. aanvaar. "Defence and Aid"

Londen kon nou geld invorder op internasionale basis en hierdie oproep het ook geld gebring van Sowjet Rusland in die bedrag van R7140.00. Saam met die skenking aan "Defence and Aid" Londen, skryf die Sowjet Regering:

"... The Soviet Government has been guided by its fundamental position with regard to support for the national liberation movements of peoples struggling against colonialism and racism in all their forms and manifestations and the provision to them of moral, political and material assistance in that just struggle".

Hierdie skenking van die Sowjet Unie het veroorsaak dat twee lede van die Uitvoerende Komitee van die Kaapse-tak van die "Fund" bedank het en as volg opmerk:

Mrs. Barbara Wilks:

"... I learn from the Cape Times that a sum of money has been allocated to the South African Defence and Aid Fund by Soviet Russia. If this report is true, and if the money has been, or is going to be accepted by the Fund I hereby resign, both from the Management Committee and the Defence and Aid Fund itself.

Should, of course, the report be untrue or the money refused out of hand, I shall be happy to continue serving on the committee...".

"... Collins appears in his statement to have seriously misrepresented the work of Defence and Aid in this country. Soviet money was granted to assist the Anti-colonial struggle in this country. It might not be too strong therefore to say the money has been acquired by false means for false ends".

Adv. Donald Molteno:

"

me regret that the reported donation by the U.S.S.R. to the London "Defence and Aid International" for the South African Defence and Aid makes it impossible for me to have even such indirect connection with the administration of moneys from such a source as membership of the Cape Town Committee entials".

Ook vanuit die publieke oogpunt was ontevredenheid uitgespreek oor die skenking. R.F.C. Struben, Commander R.N. (retired) skryf soos volg aan die Kaapse tak van die "Fund":

"... I enclose a subscription to your Fund ...  
If I believed that Defence and Aid is financed in any part by communists with the intention of furthering the aims of Communism, I most certainly would not support it".

Dit is opmerklik hoeveel gelyste en bekende Kommuniste gemoeid was met die administrasie van die "Fund".

Solly Sachs 'n gelyste kommunist, wat hom in Londen bevind, het opgetree as die invorderingssekretaris van "Defence and Aid" in Brittanje. In die hoedanigheid het hy Australië besoek, met nie veel sukses nie omdat hy as kommunist ook in Australië bekend was. Hy was nogtans deur Domheer Collins gestuur. Sy giftige uitlatings teen Suid-Afrika is welbekend.

Hier te lande het ons die volgende in verskillende Komitees van die "Fund" aangetref:

Mev. Ruth Slovo (gebore First) - 'n gelyste kommunist het op die Komitee van die "Fund" te Johannesburg as tesouriere gedien. Sy was arrester op 10 Augustus 1963 en moes haar pos toe ontruim.

Mev. Rica Hodgson - 'n gelyste Kommunist dien op die Komitee van die "Fund" te Kaapstad vanaf 18 September

1961.

Mev. Violet Weinberg 'n gelyste kommunist was in 1964 as sekretaris van die Fund te Johannesburg, die destydse hoofkantoor, van die "Fund" aangestel.

Uit hoofde van haar amp was sy in 'n sleutelposisie om die verspreiding van die fonsse in Suid-Afrika te beheer.

Gerhard Ernst Mittag, 'n gelyste kommunist was lank voorsitter van die Kaapse tak van die "Fund".

Albert Thomas 'n lid van die Uitvoerende Komitee van die Kaapse-tak van die "Fund" was arrester op 12 Augustus 1965 en aangekla onder Wet Nr. 44 van 1950. (Wet op die Onderdrukking van Kommunisme).

Adrian Leftwich een van die beskuldigdes in die saak, Die Staat teen Daniels, De Keller en andere, het Staatsgetuie geword en het erken dat hy, terwyl hy lid was van die Kaapse Komitee van die "Fund", verskeie dade van sabotasie gepleeg het. Daarna het hy opgehou om lid van die Komitee te wees.

Bob Hepple, Albert Louis Sachs en Abram Fischer is van die gelyste persone wat die "Fund" van regsadvies voorsien het. Hulle drie het gedien op die regs-komitee van die "Fund".

Dit is opmerklik hoe die welsyns-afdeling van die "Fund" geleidelik afgeneem het totdat dit geheel en al gestaak was aan die begin van 1964. Met die gelyste kommuniste in die geledere van die Komitees kan ook niks anders verwag word nie. Die doel van die Kommunistiese Party is immers die omverwerping van die bestaande regering en deur welsynswerk te doen kan dit nie bereik word nie. Geweld, sabotasie en ondermynende bedrywighede moet aangeblaas word en boweal word die nodige fondse deur die "Fund" beskikbaar gestel vir die doel.

Die Kommunistiese magtigste wapen is insypeling en deur insypeling in die Komitees van die "Fund" kon die bedrywighede van Kommunisme maklik bevorder word onder die vaandels van die "Fund". Dit het dan ook inderdaad gebeur.

Na die beëindiging van Welsynswerk deur die "Fund" is al die fondse gebruik vir die politieke bedrywighede van die verbode "African National Congress, die "Pan Africanist Congress" en "Kommunistiese Party". Salarisse van amptenare van die Kommunistiese Party is ook uit hierdie fondse gedek.

In 'n beëdigde verklaring op 9 Januarie 1966 erken Fred Carneson dat hy onlangs 'n bedrag van R4,000 van Alf Arenstam gekry het vir gebruik deur die Kommunistiese Party. Hierdie geld was deur bemiddeling van Eric Flegg by die firma Frank, Bernadt & Joffe, Kaapstad in trust geplaas. Carneson meld verder:

"... All the money so withdrawn I used for purposes of the Communist Party also to pay bail money at Defence and Aid and for relieving purposes of dependants of political prisoners".

Die "Fund" het ook nie gekroom om gelyste Kommuniste vir oortredings onder Wet No. 44 van 1950 te verdedig nie. Twee uitstaande persone in hierdie verband is Fred Carneson en Bras Fischer. Die koste wat die "Fund" in die onderskeie sake verantwoordelik voor was beloop R6229.68 en R17669.00 onderskeidelik.

Op 14 Januarie 1966 is die volgende besluit genotuleer in die Kaapse-tak van die "Fund":

"... Lately we have taken on the trial of Fred Carneson who has been charged under the Suppression of

Communism Act. We have been told by his attorneys that the trial is going to be a long and costly one. Fred Carneson who is a named Communist and is a former member of the Provincial Council. He was also at one time editor of "New Age" which has since been banned ...".

Die nou verband van die "Fund" en die Kommunistiese Party in Suid-Afrika blyk uit die volgende brief van "Defence and Aid" Londen aan Dr. Hellman voorsitster van die Johannesburg-tak van die "Fund":-

"... I am writing to tell you that we have been strongly advised by Mr. Joel Joffe and also by Bram Fischer that in the present situation it would be wise to retain a lawyer to deal with all the political cases in Johannesburg. We have therefore agreed to retain Miss Ruth Hayman as the lawyer and have offered a fee of R600 (£300), per month commencing on 1st October, 1964. In the first instance for a trial period of six months ...".

Op 6 Augustus 1964 het Domheer Collins hom as volg aan Bram Fischer per brief uitgelaat:-

"... Enclosed is a copy of an account in respect of legal fees in the case of James Kantor who has appealed to Defence and Aid for a refund of this amount which he states he borrowed to pay the lawyers ... in view of the present grave situation and the many new demands which I anticipate will be made on the Fund it is important to get your opinion on this matter to know whether you think that this is our responsibility, and should be paid by us? In part? or in full? ...".

Bram Fischer die gelyste kommunis het die Fund beide in Suid-Afrika en in Brittanje van raad bedien wat sekerlik nie kommunisme sou beveg nie.

9. Buitelandse Organisasies.

In die buiteland was daar ook verskeie organisasie wat met Defence and Aid in Suid-Afrika direk geskakel het. Omdat hierdie geld direk na Suid-Afrika gestuur was, was bloot net 'n kwitansie uitgereik vir die ontvangs daarvan. Die werklike besteding was geen kontrole oor nie. Die ondergenoemde organisasies het bydraes gelewer:

(i) American Committee on Africa:

Hierdie instansie het 'n bedrag van £5500 aan Defence and Aid in Suid-Afrika gestuur met die versoek dat 'n verduideliking gegee word waarvoor die geld gebruik is. Op 17 Januarie 1966 skryf die Sekretaris van Port Elizabethse-tak van die "Fund" aan Mary Louis Hooper in die verband as volg:

"... I will try to explain what we are using the money for at the moment and will follow up some 'human interest' stories tomorrow.

... One of the 24 accused's from Port Elizabeth who have been awaiting trial since June, 1965. They are mostly young boys, who as far as we know had no particular part in any political movement. They probably belonged to the A.N.C. as did any African with any initiative and remained members after it was banned in 1961 ...".

(ii) Scottish Council for African Questions.

Alhoewel geen bewyse kon gevind word dat fondse uit hierdie bron ontvang is nie, het die organisasie te kenne gegee dat sabotasie-sake spesiale aandag moet kry en verdedig moet word.

(iii) World Council of Churches.

Hierdie organisasie het grotendeels sy bydraes

gestort deur die Christian Council of South Africa (Basil Brown) maar het tog gespesifiseer dat sekere bedrae vir verdediging aangewend moet word. Die volgende bedrae is met tussenposes deur die "Fund" in Suid-Afrika ontvang:

Kaapstad .....	£8000
.....	R4993.75
.....	£2500
Port Elizabeth .....	R1790.67
.....	£5000
.....	£5000

(iv) Amnesty International.

Hierdie organisasie wat wêreldwyd optree verkry die name van politieke gevangenes en voorsien dan fondse om die gevangenes se lot te verlig. Die fondse was dikwels deur bemiddeling van die "Fund" administreer. Die organisasie "Amnesty International" weier egter om op te tree waar gevangenes van gewelddadige optrede veroordeel is. Indien navrae by die "Fund" gedoen was deur "Amnesty International" in verband met 'n gevangene was die feit dat die gevangene van geweld gebruik gemaak het sonder meer verswyg.

(v) World Campaign for the Release of South African Political Prisoners - London.

Navrae oor die finansiële toestand van Anne Harris (vrou van Harris wie gehang was vir gooi van die bom op Johannesburgtasia) aan die "Fund" in Suid-Afrika het die volgende antwoord ontlok:

"... Anne Harris has shown fantastic courage throughout her ordeal and recently issued a statement that her political beliefs remained unchanged and she would continue to be active ...".



- (vi) Trades Union Congress (London) het R13515 direk aan die "Fund" in Suid-Afrika betaal terwyl
- (vii) National Executive Committee of the Labour Party (Engeland) 'n bedrag van R800 aan die "Fund" betaal het.
- (viii) Christian Action London.

Met die totstandkoming van die "Fund" in Suid-Afrika het Domheer Collins voorsitter van bogemelde organisasie hom as volg uitgelaat:

